# BID VIR HERLEWING

## 120-dae Gebedsgids

**Elizabeth Jordaan**

[www.watchandpray.co.za](http://www.watchandpray.co.za)
[watchandpray100@gmail.com](mailto:watchandpray100@gmail.com)

Watch & Pray
John 17:17

[www.watchandpray.co.za](http://www.watchandpray.co.za)
[watchandpray100@gmail.com](mailto:watchandpray100@gmail.com)

## Hoe om hierdie gebedsgids te gebruik

Hierdie gebedsgids kan vir beide persoonlike en gesamentlike gebed gebruik word. Die gebedsfokus is uit 2 Kronieke 7:14, *"[As] My volk oor wie My Naam uitgeroep is, hulle verootmoedig (berou toon) en bid en My aangesig soek, en hulle bekeer van hulle verkeerde weë, dan sal Ek uit die hemel hoor, hulle sondes vergewe en hulle land genees." (OV*[1]*)* Elke dag se fokus is op drie verskillende aspekte van herlewing:

1. **VOORWAARDES VIR HERLEWING**: verootmoediging, gebed, soek na God se aangesig en terugdraai van verkeerde weë.

2. **STOF TOT NADENKE:** Hierdie is opmerkings wat gemaak is deur diegene wat die uitstorting van God se genade, in persoonlike, gemeenskaplike of nasionale herlewings beleef het. Bepeins hierdie gedagtes en laat toe dat die Heilige Gees jou hart aanraak terwyl jy bid en God se aangesig soek vir herlewing.

3. **ONOPHOUDELIKE GEBED:** Daar is vir elke dag 'n enkel-sin gebed. Bid hierdie gebed so dikwels gedurende die dag as wat jy dit onthou, as 'n onophoudelike roep van jou hart tot God.

[1] OV = Afrikaans Ou Vertaling, 1953.

**Niemand** kon voorsien wat gedurende die volgende paar uur sou gebeur toe die klein groepie Morawiese Christene op Woensdagaand, 13 Augustus 1727 in Herrnhut, Duitsland, byeengekom het om nagmaal te vier nie. Diegene wat teenwoordig was, het toenemend ervaar dat alles onder mekaar nie reg was nie. Alhoewel hulle nie so openlik krities was teenoor mekaar soos ‘n paar weke vantevore nie, het hulle leier hulle uitgedaag om “op te hou om mekaar te veroordeel.” Die Morawiërs het as ‘n harmonieuse Christen-gemeenskap in Herrnhut saamgewoon, maar dit was tog asof die vreugde van geloof in hulle lewens ontbreek het. Toe hulle egter daardie somersaand byeengekom het, het hulle die teenwoordigheid van God ervaar. Die uiteinde was dat hulle in “een oomblik verander is na gelukkige mense.” Die herlewing het vir ‘n honderd jaar voortgeduur. Die wat daar teenwoordig was, het die teenwoordigheid van God so intens beleef dat die gebedsbyeenkoms wat ‘n paar dae later begin is, vir meer as ‘n honderd jaar volgehou is, 24 uur per dag! Honderde sendelinge is vanuit hierdie gebedsbyeenkomste uitgestuur om die evangelie na die onbereikte volkere dwarsoor die wêreld te neem. Uittreksel: The Ten Greatest Revivals Ever deur Elmer Towns en Douglas Porter.

## Dag 1

**Voorwaardes vir Herlewing: VEROOTMOEDIG/BEROU TOON...(2 Kron.7:14)**

*Hulle sal erken dat hulle My teengestaan het, dat Ek hulle ook teengestaan het…om te sien of hulle dan oor hulle ongehoorsaamheid berou sal kry en hulle skuld sal erken. Wanneer hulle dit doen, sal Ek my beloftes oor die land weer van krag maak. (Lev.26:41,42).* Here God, ons bely ons sonde en die sonde van ons vaders. Ons erken ons troueloosheid teenoor U, ons selfsug en eiegeregtigheid. Ons verootmoedig ons voor U en vra om vergifnis omdat Jesus die prys vir ons sonde betaal het. Onthou asseblief ons land en wees genadig.

**Stof tot nadenke…**

‘n Ware herlewing is niks anders nie as ‘n revolusie, ‘n uitwerping van die gees van die wêreld sodat die liefde van God in die hart kan seëvier – Andrew Murray.

**Onophoudelike Gebed:**

*Here Jesus Christus, ek verneder myself voor U.*

## Dag 2

**Voorwaardes vir Herlewing: VEROOTMOEDIG/BEROU TOON…(2 Kron.7:14)**

*Hy (Hiskia) en die inwoners van Jerusalem het egter berou gekry oor die selfingenomenheid, en die toorn van die Here het toe nie in die tyd van Hiskia oor hulle gekom nie (2 Kron.32:26).* Liefdevolle Vader, ons het berou oor die trots in ons harte. Ons het onsself teen mekaar en ook teen U verhef. Ons het U Woord geïnterpreteer soos dit ons pas en om ons eie planne uit te voer. Wees ons genadig, en vergewe ons en neem U toorn van hierdie volk af weg.

**Stof tot Nadenke**

Enige ontmoeting met God bring 'n ernstige verantwoordelikheid mee. Niemand kan God se teenwoordigheid betree sonder om 'n indringende reaksie te toon nie. Die reaksie is nie teenoor 'n konsep, 'n wet of 'n beginsel nie, maar dit is 'n reaksie teenoor 'n Persoon. Uittreksel: Fresh Encounter deur Henry Blackaby en Claude V. King.

**Onophoudelike Gebed:**

*O God, my siel dors na U!*

## Dag 3

**Voorwaardes vir Herlewing: VEROOTMOEDIG/BEROU TOON…(2 Kron.7:14)**

*Toe dit met hom (Manassa) so sleg gaan, het hy die Here sy God om genade gesmeek, groot berou getoon voor die God van sy voorvaders... (2 Kron.33:12).* O Here ons God, ons bely ons groot kommer oor die omstandighede in ons land. Ons besef dat ons 'n persoonlike keuse sal moet maak om ons hardnekkigheid te laat staan en ons trotse gemoed en eiegeregtigheid voor U te bely. Ons erken dat ons nie daarvan hou om verkeerd bewys te word nie. Ons loop oor ander wat in ons pad is, om sodoende valse beheer en seggenskap te behou. Vergewe ons asseblief, en wees ons genadig.

**Stof tot Nadenke…**

'n Ooggetuie het later verduidelik: "Die ontsagwekkende teenwoordigheid van God het oortuiging van sonde soos 'n golf laat breek, waaronder selfs die mees volwasse Christene van hulle sondigheid bewus geword het. Dit het die onbekeerdes laat sug van benoudheid en gebede van bekering laat bid. Sterk manne is neergebuig onder die las van sonde. Smekinge vir genade was vermeng met die uitroepe van vreugde van diegene wat die nuwe lewe ontdek het. – Die Nuwe Hebridiese Ontwaking (1949).

**Onophoudelike Gebed:**

*O God, is my hart rein? Is my hande skoon?*

## Dag 4

**Voorwaardes vir Herlewing: VEROOTMOEDIG/BEROU TOON…(2 Kron.7:14)**

*… doen dan dit, my seun en red jouself so, as jy in 'n ander se mag beland het: gaan soebat hom, gaan pleit by hom! (Spr.6:3).* God vol ontferming, ons bely dat ons almal op die een of ander manier teen ons medemens gesondig het. Ons sondig teen mense van ons eie etniese groep, en teen ander etniese groepe, deur die eise van U Woord te verontagsaam. Vergewe ons asseblief! Help ons om mekaar te vergewe vir dinge wat in die verlede verkeerd geloop het. Lei ons ook om dinge weer reg te stel sover dit vir ons moontlik is.

**Stof tot Nadenke…**

Herlewing begin nie met vreugde en met 'n wonderlike tyd vir almal nie. Dit begin met gebroke en verslae harte – Petrus Octavianus.

**Onophoudelike Gebed:**
*O Here, U vereis 'n gebroke en verslae hart. Hier is my hart, breek my...*

## Dag 5

**Voorwaardes vir Herlewing: VEROOTMOEDIG/BEROU TOON…(2 Kron.7:14)**
*Die priesters, wat in die diens van die Here staan, moet tussen die voorportaal en die altaar gaan staan en huil, hulle moet sê: "Betoon medelye met u volk, moenie die volk wat aan U behoort tot 'n bespotting maak sodat die nasies met hulle sal spot nie. Waarom moet daar onder die volke gevra word: 'Waar is Israel se God?'" (Joël 2:17).* Verterende Vuur, ons bely dat ons nie voor U huil vir die mense van ons land nie. Dit is waar wat die nasies van ons sê, "Waar is hulle God?" Ons roep daagliks na U net vir ons persoonlike oorlewing en behoeftes. Vergewe ons asseblief, versag ons harte en spaar U volk, o Here! Laat ons erfenis – ons volk – nie meer 'n voorwerp van veragting en 'n bespotting onder die nasies wees nie.
**Stof tot Nadenke:**
Daar is nie so iets soos 'n herlewing sonder trane van oortuiging en berou nie. Herlewing gaan oor persoonlike heiligheid. Uittreksel: Revival, a people saturated with God deur Brian H. Edwards.
**Onophoudelike Gebed:**
*O God, gee vir my trane sodat ek kan huil!*

## Dag 6

**Voorwaardes vir Herlewing: VEROOTMOEDIG/BEROU TOON…(2 Kron.7:14)**
*"Ek het iemand tussen hulle gesoek wat 'n muur sou bou en vir die stad in die bres sou tree dat dit nie vernietig word nie, maar Ek het niemand gekry nie. Daarom laat Ek my toorn oor hulle losbreek en vernietig Ek hulle met die vuur van my gramskap. Ek laat hulle kry wat hulle verdien," sê die Here my God (Eseg.22:30-31).* Soewereine God, ons bely dat daar min toegewyde bidders in ons land is om in gebed voor U te staan. Wanneer ons vir ander intree in ons voorbidding, staan ons dikwels hoogmoedig teenoor die verlorenes en selfs medegelowiges deur die manier waarop ons bid. Wees ons asseblief genadig en vergewe ons. Laat ons opnuut in die gaping staan vir ons land en mense. Leer ons die regte manier van intersessie en gebed.
**Stof tot Nadenke…**
"My geheime gebed – Ek bid dat ek baie gering sal wees in my eie oë en nie enige deel van my liefste Meester se heerlikheid sal steel nie." – George Whitefield.
**Onophoudelike Gebed:**
*Here Jesus, buig my!*

## Dag 7

**Voorwaardes vir Herlewing: VEROOTMOEDIG/BEROU TOON…(2 Kron.7:14)**

*Die hoogmoediges sal tot 'n val kom, die selfversekerdes sal verneder word. Op dié dag sal net die Here hoog wees (Jes.2:11).* Verhewe God, ons bely dat ons werklik arrogant en hoogmoedig is in die manier waarop ons oor U en ander praat, die dinge wat ons doen en veral in ons denke! Wees ons genadig terwyl ons kies om ons voor U te verneder. Verwyder die arrogansie en trots uit ons harte en gedagtes, sodat U alleen verhoog word.

**Stof tot Nadenke…**

"Ons mag ons teorieë hê oor die wenslikheid al dan nie van openbare belydenis van sonde. Ek het myne gehad; maar nou weet ek dat wanneer die Gees van God op skuldige siele val, dan sal daar belydenis wees, en geen mag op aarde kan dit keer nie." Dr. Blair. Koreanse herlewing (1907).

**Onophoudelike Gebed:**

*Gees van God, val op ons!!*

**David Brainerd** het besluit om homself onvoorwaardelik toe te wy aan gebed vir intersessie. Daar word gesê dat hy 'hele nagte in folterende gebed in die donker woude deurgebring het; sy klere deurweek van die sweet van sy barensnood.' Skielik is die Gees van God uitgestort op die hele gebied van Suskwehanna. Sy eerste gehoor het bestaan uit vier vrouens en 'n paar kinders. Eensklaps stroom daar van alle kante af hordes mans en vrouens nader wat teen hom aandruk en die teuels van sy perd vasgryp terwyl hulle hom met intense erns smeek om hulle die pad na verlossing aan te wys. Met groot, vreugdevolle verwondering het hy na hulle gekyk, en die teks wat na sy lippe gespring het was: "Hierin is liefde." Mans het aan sy voete geval in siele-angs. Hierdie mans kon die mees intense marteling deurstaan sonder om 'n oog te knip. Maar nou het God se pyl hulle deurboor; hulle pyn kon nie verberg word nie en hulle het uitgeroep in hulle nood: "Wees my genadig!" Die woude was gevul met die klank van 'n groot droefheid, en onder die Kruis het elke man geval asof hy en die Verlosser God alleen daar was. Uittreksel: Handbook on Revival deur H.E. Schmul.

## Dag 8

**Voorwaardes vir Herlewing: VEROOTMOEDIG/BEROU TOON…(2 Kron.7:14)**

*Selfverheffng bring vernedering; wie nederig is, het vryheid (Spr.11:2).* Getroue en waaragtige God, ons bely ons geestelike hoogmoed. Ons verhef onsself al te graag in ons harte en gedagtes oor die persoonlike openbaring wat ons van U het. Ons voel selfvoldaan, omdat ons dink ons het meer wysheid en meer insig as selfs ons beste vriende! Ons evalueer ons geestelikheid deur ons met ander te vergelyk. Vergewe ons, Here, as ons ons voor U verneder en besef hoe min ons weet en begryp in die lig van U heerlikheid en krag.

**Stof tot Nadenke…**

Herlewing kom wanneer God se volk die voorwaardes van 2 Kronieke 7:14 nakom – "As my volk oor wie my naam uitgeroep is, berou toon, en bid en vra na my wil, en

terugdraai van hulle bose weë..." 'n Voorbeeld hiervan is die manier waarop die gebede van God se kinders gelei het tot die ontwaking in die Leke Gebedsherlewing van 1859.

**Onophoudelike Gebed:**

*Here, vergewe my vir my trots...*

## Dag 9

**Voorwaardes vir Herlewing: VEROOTMOEDIG/BEROU TOON…(2 Kron.7:14)**

*En julle wat jonger is, moet aan die ouer mense onderdanig wees. Almal moet teenoor mekaar nederig wees en mekaar help, want God weerstaan die hoogmoediges, maar aan die nederiges gee Hy genade (1 Pet.5:5-6).* Regverdige Meester, ons bely dat ons dikwels nie luister nie en ons nie volgens U plan onderwerp aan die raad van ouer en wyser mense wat U rondom ons plaas nie. Ons staan skuldig omdat ons onsself wil bewys as reg en dat ons meer geestelik is as almal rondom ons. Ons gebruik selfs U Naam om ons eie planne en idees te regverdig. O Vader, wees ons genadig en vergewe ons. Ons verneder en verootmoedig onsself onder U kragtige Hand.

**Stof tot Nadenke…**

"Nie net het gebedsbyeenkomste vermeerder nie en was dit ten volle bygewoon nie, nie net was daar groot plegtigheid in die vergaderings nie, maar daar was 'n magtige gees van verborge gebed. Baie Christene het ure spandeer in privaat gebed." – Charles Finney.

**Onophoudelike Gebed:**

*O God, wees my genadig. Moet my nie weerstaan nie!*

## Dag 10

**Voorwaardes vir Herlewing: VEROOTMOEDIG/BEROU TOON…(2 Kron.7:14)**

*Maar die tollenaar het...gesê: "O God, wees my, sondaar, genadig." Ek sê vir julle: Hierdie man en nie die ander een nie, het huis toe gegaan as iemand wie se saak met God reg is. Elkeen wat hoogmoedig is, sal verneder word; en hy wat nederig is sal verhoog word (Luk.18:13-14).* Regverdige en soewereine God, ons bely as gelowiges dat ons soos die eiegeregtige Fariseër is, wat dink ons hoef nie meer ons sonde te bely nie. Ons glo so dikwels ons is geestelik te ver gevorder om belydenis van sonde te doen. Ons vra om vergifnis en bid dat U die lig van U reinheid en heiligheid op ons sondigheid sal laat skyn. Ons wil onsself nie verhoog nie, maar in alles leer om onsself te verneder, ons van sonde te bekeer en heilige lewens te lei.

**Stof tot Nadenke…**

Herlewing is wanneer God sy teenwoordigheid openbaar as 'n oorweldigende werklikheid. Dit laat mens met 'n diepe bewuswording van God se grootheid en voortreflikheid en van jou eie onwaardigheid en afhanklikheid van Hom. Uittreksel: Revival Fire deur Wesley Deuwel.

**Onophoudelike Gebed:**

*Here Jesus, U alleen is waardig! Ek is bloot 'n sondaar…*

## Dag 11

**Voorwaardes vir Herlewing: VEROOTMOEDIG/BEROU TOON…(2 Kron.7:14)**

*Jy moet onthou hoe die Here jou God jou nou veertig jaar lank in die woestyn gelei het. Hy het dit gedoen om jou nederig te laat word en om jou op die proef te stel sodat Hy kan weet wat jy dink en of jy sy gebooie sal gehoorsaam of nie. Hy het jou laat swaarkry, laat honger ly...om jou te leer dat 'n mens nie net van brood leef nie, maar dat hy leef van elke woord wat uit die mond van God kom (Deut.8:2-3).* Goeie Meester, ons bely dat ons teen U in opstand kom in moeilike tye in ons lewens en land. Ons vergeet dat U nederig is en ons in alles toets om ons harte te reinig, want U is self soewerein. Vergeef ons ons murmurering en dat ons U in ons desperaatheid verag en verlaat. Ons verootmoedig ons gewilliglik voor U plan met ons land en vra dat ons ware LEWE sal vind uit die woorde van U mond.

**Stof tot Nadenke…**

As God se kinders vandag gretig is vir herlewing, sal hulle hulself onder sy magtige hand verneder sodat Hy hulle op die regte tyd kan verhoog. Uittreksel: Baptise with Fire deur Arthur Skevington Wood.

**Onophoudelike Gebed:**

*My God, wys my wat in my hart is..*

## Dag 12

**Voorwaardes vir Herlewing: VEROOTMOEDIG/BEROU TOON…(2 Kron.7:14)**

*Die leiers van Israel en die koning het hulle verootmoedig en het gesê: "Die Here doen reg." Toe die Here hulle berou sien, kom sy woord weer tot Semaja en sê: "Hulle is vol berou. Ek sal hulle nie uitroei nie. Ek sal hulle gou...laat vrykom" (2 Kron.12:6-7).* Koning van die konings, ons bely dat nie alle leiers in ons land hulself voor U verootmoedig nie. Ons tree namens hulle in as ons bid. Ons verootmoedig ons voor U, want U is 'n regverdige God. Ons kies om weg te draai van ons ongeregtigheid. Ons pleit ernstig by U dat U ons nie sal vernietig nie, maar spoedig aan almal in ons land bevryding en verlossing sal gee.

**Stof tot Nadenke…**

Weer en weer het kragtige herlewings slegs gekom wanneer God se kinders besef het hoe oneindig heilig God in sy wonderlike wese is en hoe afskuwelik sonde voor sy aangesig is. Wanneer mense hulself dan voor God verootmoedig het, belydenis gedoen en hul bekeer het, dan eers begin golwe van herlewing oor 'n kerk of area breek. Uittreksel: Revival Fire deur Wesley Deuwel.

**Onophoudelike Gebed:**

*Heilig, heilig, heilig is U, Here God Almagtig!*

## Dag 13

**Voorwaardes vir Herlewing: VEROOTMOEDIG/BEROU TOON…(2 Kron.7:14)**

*Daarom moet julle al die sedelike vuilheid en ongeregtigheid opruim wat so welig tier en ootmoedig die woord aanneem wat God in julle geplant het, want die woord kan julle red. Julle moet doen wat die woord sê en dit nie net aanhoor nie, anders bedrieg julle julleself (Jak.1:21-22).* Rein en Heilige God, ons bely die onsedelikheid en kwaad wat ons in ons land toelaat sonder om 'n woord daaroor te sê. Ons is deel daarvan, want ons kyk ook na eksplisiete televisieprogramme, ons lees onsedelike leesstof, ons stem saam met euwels soos aborsie, egskeiding, homoseksuele en lesbiese verhoudings, ens. Help ons asseblief om nou op die waarskuwing van die Heilige Gees in ons harte ag te slaan en gehoorsaam te doen wat U sê. Trek ons nader aan U en weg van die wêreld.

**Stof tot Nadenke…**

Herlewing is nie 'n tyd van godsdienstige vermaaklikheid met skares wat byeenkom vir 'n aand van gesellige geestelike musiek en sang nie. Herlewing is wanneer God onder die mense rondgaan, en almal weet dat God die gemeenskap in sy greep het. In 'n God-gegewe herlewing spandeer niemand geld op advertensies nie. Tydens herlewing word elke diens 'n ondersoekkamer; die paaie en heuwels word heilig plekke wanneer die winde van God waai. – Duncan Campbell.

**Onophoudelike Gebed:**

*Here God, mislei ek myself deur slegs na U woord te luister, maar dit nie te doen nie?*

## Dag 14

**Voorwaardes vir Herlewing: VEROOTMOEDIG/BEROU TOON…(2 Kron.7:14)**

*Is dit al wat Ek op 'n vasdag wil hê: net dat 'n mens homself verneder, dat hy sy nek buig soos 'n biesie en in sak en as sit?...Is die vas wat Ek wil hê, nie dit nie: om dié wat onregverdig gevange gehou word, te bevry, om die juk wat op mense druk, af te haal, om verdruktes vry te maak, om elke juk te breek? (Jes.58:5-6).* Here, ons Skild en en ons Krag, ons bely dat ons idee van verootmoediging dikwels rondom onsself en ons persoonlike behoeftes en begeertes draai. Wees ons asseblief genadig. Leer ons die pad van nederigheid. Leer ons hoe om uit die kettings van ongeregtigheid los te breek, die bande van die juk los te maak en die gevangenes vry te laat!

**Stof tot Nadenke…**

Die probleem in ons land is nie die regering, of die onderwysstelsel, of die ekonomiese toestande nie. Dit is ook nie daardie lewelose wettiese godsdiens wat alles of niks glo nie. Die ware probleem lê by die evangeliese kerke wat beweer dat hulle die waarheid het en dink dat hulle ryk is aan geestelike gawes en lewe, maar eintlik is hulle koud, selfvoldaan en onaantreklik in die oë van die wêreld. Uittreksel: Baptise with Fire deur Arthur Skevington Wood.

**Onophoudelike Gebed:**

*O God, maak my hart weer brandend vir U!*

**Op Maandagmiddag het** verskeie sendelinge byeengekom vir gebed. Hulle het by God gepleit om onder hulle te beweeg. Een van hulle het later getuig: "ons was gebonde in die gees en het verseg om God te laat gaan totdat Hy ons seën." Daardie nag toe hulle die kerk binnegaan, het dit gevoel asof die hele gebou gevul was met die teenwoordigheid van God...so baie mense wou bid, dat Lee aangekondig het, "As julle so wil bid...bid dan almal gelyk." Dwarsoor die kerk het die hele gemeente gelyktydig begin bid. Die resultaat was nie die verwarring wat mens sou verwag het nie, maar eerder, soos een waarnemer dit beskryf het, "'n eindelose simfonie van klank en gees, soos die geluid van die branders in 'n see van gebed." Te midde van die gebed het baie diep onder die oortuiging van hulle sonde gekom; een na die ander het orent gekom en in diepe sielesmart hulle sondes bely en na God geroep vir sy genade. – Koreaanse Herlewing, 1907. Uittreksel: The Ten Greatest Revivals Ever deur Elmer Towns en Douglas Porter.

## Dag 15

**Voorwaardes vir Herlewing: VEROOTMOEDIG/BEROU TOON…(2 Kron.7:14)**

*Hy het gesê: As julle nie verander en soos kindertjies word nie, sal julle beslis nie in die koninkryk van die hemel kom nie. Wie homself gering ag soos hierdie kindjie, hy is die belangrikste in die koninkryk van die hemel (Matt.18:2-4).* Hemelse Vader, ons bely dat ons dikwels net verwys na en omgaan met mense wat invloedryk is, om sodoende vir onsself 'n gevoel van eiewaarde te skep, ons selfagting te versterk en ons posisie in die samelewing te verstewig. Dit is waar dat ons nie ons identiteit in U ken nie! In kinderlike geloof wil ons ons voor U verootmoedig en om vergifnis, genade en leiding vra. Lei ons in die weë van U koninkryk hier op aarde.

**Stof tot Nadenke…**

"Ek het skielik gevoel asof my hart soos was gesmelt het voor die vuur van God, my Verlosser, se liefde. Ek het nie slegs liefde en vrede ervaar nie, maar ook 'n verlange om in God opgeneem te word en by Christus te wees; daar was skielik 'n roep in my innerlike mens, waarvan ek nie tevore bewus was nie – Abba Vader! Ek kon nie help om God my Vader te noem nie; en ek het geweet dat ek sy kind was en dat Hy my liefhet en my gehoor het." – Howel Harris.

**Onophoudelike Gebed:**

*Vader God, openbaar Uself in my innerlike mens!*

## Dag 16

**Voorwaardes vir Herlewing: VEROOTMOEDIG/BEROU TOON…(2 Kron.7:14)**

*Dieselfde gesindheid moet in julle wees wat daar ook in Christus Jesus was: Hy wat in die gestalte van God was, het sy bestaan op Godgelyke wyse nie beskou as iets waaraan Hy Hom moes vasklem nie, maar Hy het Homself verneder deur die gestalte van 'n slaaf aan te neem en aan die mense gelyk te word. En toe Hy as mens verskyn het, het Hy Homself*

*verder verneder. Hy was gehoorsaam tot in die dood, ja, die dood aan die kruis (Fil.2:5-8).* Skepper van die heelal, ons bely dat ons selfverwesenliking en identiteit soek deur onsself te vereenselwig met die beeld wat ons het van beroemde manne en vroue. Vernuwe asseblief ons gedagtes en leer ons om onsself minder te ag as ander, om ons medemens soos 'n dienskneg te dien en tot die dood toe nederig en gehoorsaam te wees.

**Stof tot Nadenke…**

Die persoon wat bid vir herlewing, maar nie bereid is om met sy eie oneerlikheid, wêreldsgesindheid en ongehoorsaamheid teenoor God, te deel nie, moet bang wees oor die vooruitsig van herlewing, want daar ondersoek God die diep en verborge skuilplekke van die menslike hart, en deel met skyn en huigelary. Uittreksel: Breath of Heaven deur Ken Terhoven.

**Onophoudelike Gebed:**

*O God, wees my genadig sodat ek myself kan verneder soos Jesus gedoen het!*

## Dag 17

**Voorwaardes vir Herlewing: VEROOTMOEDIG/BEROU TOON…(2 Kron.7:14)**

*As jy na die wil van God vra en die Almagtige om genade smeek, as jy vlekkeloos is en reg het sal Hy jou weer in sy sorg neem en jou gesond in jou huis terugbring. Die vermoë wat jy besit het, sal niks wees teen die rykdom wat jy later sal besit nie (Job 8:5-7).* Almagtige Here, ons bely dat ons onsself na mense wend en op hulle reken om aan ons behoeftes (bv. werksgeleenthede), ons hoop en verwagtings te voldoen. Huweliksmaats blameer mekaar omdat hulle ongelukkig is. O Here, wees ons asseblief genadig! Ons verneder ons voor U en wil rein en opreg wandel. Kom gryp in, herstel ons tot ons regmatige plek en maak ons toekoms voorspoedig.

**Stof tot Nadenke…**

"Waar, o waar is die trane oor hierdie era van wellustige sondaars, oor die miljoene wat in veraf lande verlore gaan, en oor die beskaafde heidene op ons voorstoepe?" Uittreksel: Revival Prayer deur Leonard Ravenhill.

**Onophoudelike Gebed:**

*Here God, gee my trane sodat ek kan huil oor my eie sonde en oor verlore sondaars.*

## Dag 18

**Voorwaardes vir Herlewing: VEROOTMOEDIG/BEROU TOON…(2 Kron.7:14)**

*Julle het tot vandag nie berou daaroor nie, julle leef nog nie volgens my wet en my voorskrifte wat Ek vir julle en julle voorvaders gegee het nie. Daarom, só sê die Here die Almagtige, die God van Israel, gaan Ek julle swaar straf... (Jer.44:10-11).* Almagtige Here, tot op hede is daar min mense in ons land wat hulleself voor U verootmoedig het, eerbied aan U getoon het, of U wette en voorskrifte gevolg het. Ons roep uit vir genade op grond van Christus se offer. Namens die mense van ons land verootmoedig ons onsself. Ons betoon eerbied aan U en verklaar dat ons U wil volg.

**Stof tot Nadenke…**

Berou is nie om jammer te voel omdat jy uitgevang is nie. Dit is ook nie om slegs jammer te voel oor jou sonde nie. Berou is ook nie 'n poging om weg te kom van God se oordeel nie. Die woordjie berou (repent) dui op 'n algehele terugdraai van ons sonde en 'n heelhartige terugkeer tot die liefdesverhouding wat ons met God het. Om jammer te wees is nie genoeg nie. Die vrug van berou is 'n veranderde leefstyl. Belydenis van sonde is nie genoeg nie. Belydenis is eenvoudig om met God saam te stem oor ons sonde. 'n Hart wat gebroke is oor sonde lei tot berou en bekering. Uittreksel: Fresh Encounter deur Henry Blackaby en Claude King.

**Onophoudelike Gebed:**

*O God, gee my 'n berouvolle hart.*

## Dag 19

**Voorwaardes vir Herlewing: VEROOTMOEDIG/BEROU TOON…(2 Kron.7:14)**

*Ten slotte: Wees almal eensgesind, medelydend, liefdevol, goedhartig, nederig. Moenie kwaad met kwaad vergeld of belediging met belediging nie. Inteendeel, antwoord met 'n seënwens, want daartoe is julle geroep sodat julle die seën van God kan verkry (1 Pet.3:8-9).* Jesus, Lig van alle mense, ons bely dat ons nie werklik simpatiek is teenoor haweloses nie, dat ons sonder medelye is vir dié wat hongerly, en hoogmoedig is teenoor medegelowiges. Ons weet nie hoe om ons lewens te verander nie. Leer ons asseblief om nie kwaad met kwaad, of belediging met belediging te vergeld nie, maar om eerder die woorde van ons mond te verander en vir almal tot seën te wees. Dan sal ons seëninge beërwe.

**Stof tot Nadenke…**

Die Heilige Gees is die Leier in alle God-gegewe herlewings. Hy ken God se verlange om herlewing vir sy Kerk te stuur. Hyself tree in met versugtinge wat dieper as woorde is wanneer Hy met Christus verenig in gebed en intersessie. Die Gees gee ons besorgdheid oor gebed. Hy plaas 'n las vir gebed om herlewing op baie van God se kinders sodat hulle kan saamstaan in dieselfde seëvierende intersessie. Uittreksel: Revival Fire by Wesley Deuwel.

**Onophoudelike Gebed:**

*Heilige Gees, hier is ek. Bid deur my...*

## Dag 20

**Voorwaardes vir Herlewing: VEROOTMOEDIG/BEROU TOON…(2 Kron.7:14)**

*Wees altyd beskeie, vriendelik en geduldig en verdra mekaar in liefde. Lê julle daarop toe om die eenheid wat die Gees tussen julle gesmee het, te handhaaf deur in vrede met mekaar te lewe (Ef.4:2).* Vader van ons almal, ons bely dat ons harte hard is en dat ons ongeduldig en geïrriteerd is met baie rondom ons. Veral ons ouers en geestelike leiers loop dikwels deur as gevolg van ons verkeerde houding. Bo alles vra ons om vergifnis

omdat ons nie die eenheid bewaar wat die Gees tussen ons smee nie. Ons maak U dus seer! Leer ons op 'n praktiese manier om die eenheid van die Gees te bewaar in die band van vrede en liefde met mekaar.

**Stof tot Nadenke…**

Herlewing kom selde as ‘n reaksie op een persoon se gebed. God raak die harte van ‘n paar hier en ‘n paar daar aan, om te bid totdat duisende of tienduisende, soos baie keer die geval is, die hemel bestook met die volgehoue versoeke dat God onder sy mense moet kom woon. Uittreksel: Revival, a people saturated with God deur Brian Edwards.

**Onophoudelike Gebed:**

*Here, deursoek my hart. Is ek in onvrede met enigiemand?*

## Dag 21

**Voorwaardes vir Herlewing: VEROOTMOEDIG/BEROU TOON…(2 Kron.7:14)**

*Hy laat aan hulpeloses reg geskied en Hy leer hulle sy pad (Ps.25:9).* Almagtige Here, wees ons asseblief genadig terwyl ons onsself voor U verootmoedig. Kom lei en leer ons wat reg is. Leer ons die pad van nederigheid, opregtheid en diensbaarheid, sodat ons in Jesus se spore kan volg.

**Stof tot Nadenke…**

Herlewing begin in ons wanneer ons wil gebreek is. Uittreksel: The way of the Cross deur Roy Hession.

**Onophoudelike Gebed:**

*Laat U wil geskied, Here Jesus, nie my wil nie.*

**Al die vroue** en meisies het begin huil, hulle sonde bely en gebid vir ‘n aanraking van die Heilige Gees. ‘n Oortuiging van sonde het op meisies gekom terwyl hulle studeer het. Klasse is afgestel. Twee jong meisies was so aangegryp deur die krag van die Gees dat hulle vir ure en ure gebid het, totdat hulle gesigte letterlik met ‘n hemelse lig gestraal het. So gou as wat hulle volledig berou gehad het en die versekering van vergifnis ontvang het, het hulle begin om te bid vir heiligmaking en die doping met die Heilige Gees. Hulle het hulle harte voor God ondersoek totdat Hy hulle innerlike onreinhede uitgewys het. Baie meisies het visioene gehad van die ‘liggaam van sonde’ binne-in hulself. Hulle het getuig dat die Heilige Gees na hulle gekom het met ‘n ‘heilige vuur’ wat volgens hulle ‘n doping van vuur was, wat byna ondraaglik was. ‘n Vrede en vreugde het hulle vervul totdat hulle gesigte van God se heerlikheid gestraal het. – Revival in India, 1905. Uittreksel: Baptism of Fire deur Arthur Skevington Wood.

## Dag 22

**Voorwaardes vir Herlewing: VEROOTMOEDIG/BEROU TOON…(2 Kron.7:14)**

*Die allerhoogste God het aan u voorganger Nebukadnesar koningskap en mag, roem en eer gegee. Vanweë hierdie mag wat God hom gegee het, het al die volke, nasies en*

*taalgroepe vir hom gesidder en gebeef...Maar toe hy hoogmoedig en verwaand geword het, is hy uit die koningskap afgesit en het hy sy roem verloor (Dan.5:18-20).* Soewereine Here, wanneer U ons invloedryk maak, verhard ons harte maklik en raak ons hoogmoedig. Ons dink gou dat ons regtig in beheer is. Vergewe ons ons hoogmoed, wees ons genadig! Anders as Nebukadnesar, wil ons kom en namens alle ouderdomsgroepe en geslagte in ons land, ons voor U verootmoedig en sê: "Aan U behoort al die eer en heerlikheid en krag en wysheid en dank tot in ewigheid."

**Stof tot Nadenke…**

Die mense wat God in herlewing gebruik, het almal ‘n brandende oortuiging dat God niks goeds sal terughou van sy mense nie. Daarom het hulle ‘n onbeskaamde vermetelheid om God vir goeie dinge te vra en dit te verwag. Maar hulle is ook eweneens seker dat hierdie dinge net gegee word aan diegene wat ‘n rein lewenswandel het. Hulle weet dat sonde die Heilige Gees sal blus. Daarom word hulle passie vir God geëwenaar deur hulle vrees om Hom aanstoot te gee. Uittreksel: Revival, a people saturated with God deur Brian Edwards.

**Onophoudelike Gebed:**

*Heilige Gees, verwyder alle hoogmoed en trots uit my lewe.*

## Dag 23

**Voorwaardes vir Herlewing: VEROOTMOEDIG/BEROU TOON…(2 Kron.7:14)**

*God weerstaan die hoogmoediges, maar aan die nederiges gee Hy genade. Onderwerp julle dan aan God. Staan die duiwel teë en hy sal van julle af wegvlug. Nader tot God en Hy sal tot julle nader (Jak. 4:6).* Almagtige God, ons bely dat ons min geestelike gesag het, omdat U ons teenstaan in ons trots. Die duiwel is nie ons vyand as ons so vol hoogmoed is nie, dis U wat ons weerstaan. Vergewe ons, Vader, want ons het min kennis van U Woord. Ons verootmoedig en onderwerp ons aan U. Ons grootste begeerte is om tot U te nader en U Woord deur en deur te ken.

**Stof tot Nadenke…**

Nederige mense het nie ‘n lae opinie omtrent hulleself nie; hulle het geen opinie omtrent hulleself nie. Die kern van nederigheid lê in onverdeelde aandag aan God; in ‘n bekoring met sy skoonheid soos wat dit in die natuur geopenbaar word; dit lê daarin dat ons met onverdeelde aandag luister na elke persoon wat met ons praat; en dat ons al ons planne, projekte, ambisies en siel leeg maak van ‘self’. – Brennan Manning.

**Onophoudelike Gebed:**

*O God, leer my om my self te verloën.*

## Dag 24

**Voorwaardes vir Herlewing: VEROOTMOEDIG/BEROU TOON…(2 Kron.7:14)**

*Ek slaan ag op die mens in nood, op die een wat berou het oor sy sonde, wat ontsag het vir my woord (Jes.66:2).* Lam op die Troon, skep in ons 'n rein hart en herstel in ons 'n standvastige gees. Moet ons nie verwerp nie en neem U Heilige Gees nie van ons weg

nie, want ons sidder by die gedagte daaraan. Ons verneder en verootmoedig onsself voor U.

**Stof tot Nadenke…**

God kan deur enigeen werk wat volkome aan Hom toegewy is, wat dors na herlewing en wat gewillig is om die prys te betaal vir sy of haar gehoorsaamheid aan die voorwaardes vir herlewing. Uittreksel: Revival Fire deur Wesley Deuwel.

**Onophoudelike Gebed:**

*Heilige Gees, skep in my 'n rein hart.*

## Dag 25

**Voorwaardes vir Herlewing: VEROOTMOEDIG/BEROU TOON…(2 Kron.7:14)**

*"Ek het daarop ag geslaan dat jy in jou hart geraak is deur die woorde wat jy gehoor het en dat jy berou getoon het voor God toe jy hoor wat Hy sê oor hierdie plek en sy inwoners en dat jy jou klere geskeur het en gehuil het en voor My berou getoon het," sê die Here (2 Kron.34:27).* Regverdige Vader, ons erken dat ons volk verdien om vernietig te word as gevolg van ons boosheid en selfsug. Wanneer U Uself openbaar, word ons oorweldig deur U reinheid en kan ons nie langer ons dade verdedig of regverdig nie. Daarom verootmoedig ons ons voor U. Slegs U kan ons desperate uitroep hoor en ons red.

**Stof tot Nadenke…**

Die groot herlewings van die geskiedenis het begin wanneer mense voor God se aangesig in stof en as gekniel het. Die grootste hindernis vir herlewing is trots in die harte van Christene. Uittreksel: Baptise with Fire deur Arthur Skevington Wood.

**Onophoudelike Gebed:**

*Vader God, voor U kan ek myself nie verdedig nie. Wees my genadig.*

## Dag 26

**Voorwaardes vir Herlewing: VEROOTMOEDIG/BEROU TOON…(2 Kron.7:14)**

*"Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is en Ek sal julle rus gee. Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart en julle sal rus kry vir julle gemoed. My juk is sag en my las is lig" (Matt.11:28-30).* Jesus, ons bely dat ons moeg en belas is deur baie dinge – selfs ons las om in te tree oor dinge in ons samelewing wat verkeerd is, raak soms te swaar. Ons kies nou om al hierdie selfopgelegde laste neer te lê, selfs die las om aan te hou bid tot die deurbrake kom. Ons verootmoedig onsself voor U en vra dat U sal kom en vir ons u sagmoedige, nederige hart sal gee. Gee ons rus vir ons siel. Kom openbaar opnuut aan ons watter laste (selfs gebedslaste) U wil hê ons moet dra.

**Stof tot Nadenke…**

'n Nederige persoon is iemand wat eenvoudig meedoënloos eerlik is oor die waarheid. Nederige mense is gering in hul eie oë, eerlik oor hulle tekortkominge en oop vir opbouende kritiek. Hulle vertrou dat hulle net soos hulle is liefgehê, aanvaar, vergewe

en verlos word. Hulle is bewus van hulle innerlike armoede en werp hulle volkome met sorgvrye oorgawe op die genade van God. – Brennan Manning.

**Onophoudelike Gebed:**

*O Here, laat my gering wees in my eie oë, sodat ek U kan sien.*

## Dag 27

**Voorwaardes vir Herlewing: VEROOTMOEDIG/BEROU TOON…(2 Kron.7:14)**

*(Moses was 'n uiters sagmoedige man, meer as enigiemand anders op die aarde)...Maar met my dienaar Moses is dit anders. Hy is die betroubaarste in my diens. Met hom praat Ek direk en persoonlik, nie in raaisels nie. Hy sien selfs die gestalte van die Here (Num.12:3,7-8).* God van die eeue, ons verlang om U van aangesig tot aangesig te sien. Tog vind ons dit moeilik om onsself te verootmoedig en getrou te bly in alles wat ons doen. Vergewe ons asseblief vir ons koue en afsydige harte. Ons vra dat U 'n honger en dors na U teenwoordigheid in ons lewens en in ons land sal aanwakker.

**Stof tot Nadenke…**

Baie kinders van God wat Hom in die verborgene wil ken, kom in sy teenwoordigheid en verlaat dit net soos hulle daar ingekom het, sonder om enigsins die teenwoordigheid van God te ervaar. En daar is baie min gelowiges wat, selfs al het hulle ‘n seën en ‘n bietjie besieling in die verborgene ervaar, na nog meer van God verlang. Hulle gaan in hulle binnekamer in, en kom in die verborge plek, maar so gou as wat hulle naby Hom kom, dink hulle hulle is uitermate geseën, en verlaat hulle die binnekamer om terug te gaan na die wêreld. Hoekom is dit tog so dat die Here se eie mense so min deursettings-vermoë het? Hoe is dit dan dat hulle in die binnekamer ingaan om alleen te bid, maar so maklik leeg daaruit kom? Instede daarvan om met God te worstel totdat Hy sy Gees uitstort, verlaat hulle sy teenwoordigheid sonder antwoorde, en troos hulle dan daaraan dat dit God se wil is. – William Burns.

**Onophoudelike Gebed:**

*Here Jesus, leer my om in U teenwoordigheid te talm.*

## Dag 28

**Voorwaardes vir Herlewing: VEROOTMOEDIG/BEROU TOON…(2 Kron.7:14)**

*Wat verwag die Here van jou? Hy verwag dat jy reg sal laat geskied, dat jy liefde en trou sal bewys, dat jy bedagsaam sal lewe voor jou God (Miga 6:8).* Ons Vader, Regter oor almal, ons bely dat ons nie altyd eerlik is in ons saketransaksies of die reg eerbiedig in regeringsbesluite in Suid-Afrika nie. As landsburgers het ons nie genade vir dié wat hierdie besluite neem en dra ons nie voortdurend hulle siele aan U op in gebed nie. Vergewe ons asseblief vir ons eiegeregtigheid en selfsug. Leer ons om regverdig op te tree, om barmhartig te wees en nederig voor U te wandel, want ons is feilbare mense.

**Stof tot Nadenke…**

Die tragedie van die moderne mens is dat hy daarin geslaag het, met groot moeite en sorgvuldige inspanning, om die besef van God en die ewige uit sy geheue te wis.

Uittreksel: Revival, a people saturated with God deur Brian Edwards.

**Onophoudelike Gebed:**

*Ondersoek my, O God. Voldoen ek aan U verwagting?*

**"Ek het my gehaas** na die vertrek agter die voorste kantoor sodat ek kon bid. Daar was geen lig aan en geen vuur in die herd nie, maar tog het dit vir my gelyk asof dit heeltemal verlig was. Toe ek ingaan en die deur agter my toemaak het dit gevoel asof ek die Here Jesus van aangesig tot aangesig ontmoet het. Dit was asof ek Hom net so kon sien soos ek enige ander mens kon sien. Hy het niks gesê nie, maar sy kyk na my het my gebroke aan sy voete laat neerval. Die feit dat Hy voor my gestaan het, was 'n absolute realiteit. Ek het by sy voete neergeval en my siel uitgestort. Ek het hardop
soos 'n kind gehuil terwyl ek hortend my sonde bely. Dit het gevoel asof ek sy voete met my trane was, en tog het ek die indruk gekry dat ek nie aan Hom geraak het nie. Toe ek opstaan en op 'n stoel by die vuur wou gaan sit, het ek 'n magtige doping met die Heilige Gees ontvang. Ek het dit nooit verwag nie, selfs nooit eers 'n gedagte daaroor gehad dat dit met my kon gebeur nie. Ek het ook nog nooit vantevore enigiets daarvan by enigiemand gehoor nie. Die Heilige Gees het op my neergedaal op 'n wyse wat vir my gevoel het asof Hy dwarsdeur my siel en liggaam gaan. Dit het gevoel asof golwe van elektrisiteit weer en weer deur my gaan; golf op golf van vloeibare liefde; ek kan dit op geen ander manier beskryf nie. Dit was soos God se eie asem. Ek kan spesifiek onthou dat dit gevoel het asof dit oor my waai, soos verskriklike groot vlerke. Geen woorde kan die wonderlike liefde wat in my hart uitgestort is, beskryf nie. Ek het hardop gehuil van vreugde en liefde. 'n Onuitspreeklike vloedgolf vanuit my hart het my hardop laat skreeu. Die golwe het oor my, en oor my en oor my gebreek, die een na die ander, totdat ek uitgeroep het: 'Ek sal sterf as die golwe aanhou oor my breek!' En ek het gesê: 'Here, ek kan dit nie meer hanteer nie'; tog ek het geen vrees vir die dood gehad nie." – Charles Finney. Uittreksel: Handbook on Revival deur H.E. Schmul.

## Dag 29

**Voorwaardes vir Herlewing: VEROOTMOEDIG/BEROU TOON…(2 Kron.7:14)**

*Die Here is goed vir sy volk, Hy kroon die hulpeloses met oorwinning (Ps.149:4).* Vader en Heerser oor alle dinge, terwyl ons onsself verootmoedig, vra ons vir U wysheid en openbaring in ons lewens. Lei ons om in U te lewe en in U te beweeg sodat U daardeur verbly sal word. Ons vra dat U sal kom en diegene wat hulleself verootmoedig, sal kroon met verlossing, hulle krag sal hernu en hulle met arendsvlerke sal laat opstyg.

**Stof tot Nadenke…**

Christene vertel nie leuens nie, hulle sing dit net in hulle gesange. – AW Tozer.

**Onophoudelike Gebed:**

*Here Jesus, help my asseblief om my greep op die wêreld te los en om aan U vas te hou.*

## Dag 30

**<u>Voorwaardes vir Herlewing: VEROOTMOEDIG/BEROU TOON…(2 Kron.7:14)</u>**

*Loflied van Maria: Ek besing die grootheid van die Here, ek juig oor God, my Verlosser, omdat Hy na my geringheid omgesien het. Kyk, van nou af sal elke nuwe geslag my gelukkig noem… (Luk.1:47-49).* God, ons Redder, in vergelyking met die volke van die wêreld, blink ons as Christene nie juis daarin uit om aan U vreugde en blydskap te gee nie. Terwyl ons onsself steeds verootmoedig, wees ons genadig en dink aan ons. Mag dit bekend word dat U u Kerk geseën het om 'n seën vir die nasies te wees, van geslag tot geslag.

**<u>Stof tot Nadenke…</u>**

Iets wat vandag onder Christene ontbreek, is 'n innige en persoonlike kennis van God, wat 'n mens se hele siel gevange neem met die heerlikheid van Sy karakter. Uittreksel: Revival, a people saturated with God deur Brian Edwards.

**<u>Onophoudelike Gebed:</u>**

*O Here, my siel besing U getrouheid.*

## Dag 31

**<u>Voorwaardes vir Herlewing: …verootmoedig/berou toon en BID… (2 Kron. 7:14)</u>**

*Jesus bid vir Sy dissipels: "Nou weet hulle dat alles wat U My gegee het, van U kom...Ek bid nie vir die wêreld nie, maar vir dié wat U My gegee het, omdat hulle aan U behoort. Almal wat aan My behoort, behoort aan U; en wie aan U behoort, behoort aan My" (Joh. 17:7, 9-10).* God wat ewig lewe, ons bid dat U sal aanhou om Uself aan hierdie geslag te openbaar soos U in die Bybelse tyd gedoen het. Net soos Jesus, wil ons alles wat U vir ons gegee het, na U bring en verklaar: dit behoort aan U. Alles wat ons bereik het, was deur U genade en goedheid. Al die eer behoort aan U.

**<u>Stof tot Nadenke…</u>**

Wanneer God herlewing stuur, is dit nie vir die genot van die Kerk nie, maar tot eer van sy naam; en Hy deel daardie eer nie met mense nie. Die oomblik as iemand spog met wat hulle bereik het, onttrek God sy heerlikheid. – David Morgan.

**<u>Onophoudelike Gebed:</u>**

*Here Jesus, vergewe my vir die kere wat ek die eer wat U toekom, vir myself geneem het.*

## Dag 32

**<u>Voorwaardes vir Herlewing: …verootmoedig/berou toon en BID… (2 Kron. 7:14)</u>**

*Jesus bid vir Sy dissipels: "Heilige Vader, bewaar hulle in u Naam, die Naam wat U My gegee het, sodat hulle net soos Ons een kan wees. Toe Ek by hulle was, het Ek hulle in U Naam bewaar, die Naam wat U My gegee het...nie een van hulle het verlore gegaan nie, behalwe die een wat verlore moet gaan sodat die Skrif vervul kan word" (Joh.17:11-12).* U wat ons Skuilplek is, ons wil net soos Jesus bid vir al die gelowiges, sodat ons

eensgesind sal wees soos U een is met U Seun. Ons tree in vir die beskerming van dié wat U gekies het, dat U hulle innerlik sal versterk en hulle sal wys watter hoop hulle roeping inhou.

**Stof tot Nadenke…**

Ons bid vir die herstel van God se eer onder sy kinders, want ons kan dit nie verdra dat God aanhoudend onteer word deur die wêreldsgesindheid, onverskilligheid en koudheid van die Kerk, die sonde en boosheid rondom ons, en die verwaande ongeloof en trots wat aan die orde van die dag is nie. Uittreksel: Breath of Heaven deur Ken Terhoven.

**Onophoudelike Gebed:**

*Here Jesus, mag my lewe u naam verheerlik.*

## Dag 33

**Voorwaardes vir Herlewing: …verootmoedig/berou toon en BID… (2 Kron. 7:14)**

*Jesus bid tot sy Vader vir sy dissipels: "Maar nou kom Ek na U toe...Ek bid nie dat U hulle uit die wêreld moet neem nie, maar dat U hulle van die bose moet bewaar...Laat hulle aan U toegewy wees deur die waarheid. U woord is die waarheid...en ter wille van hulle wy Ek My aan U toe, sodat hulle ook...aan U toegewy kan wees (Joh.17:13-15).* Here, God van Waarheid, ons roep uit na U om ons genadig te wees, want sal U nog geloof op die aarde vind as U weer kom? Heilig ons asseblief deur die waarheid van u Woord. Laat ‘n honger en dors na die waarheid in ons groei. Skep in ons ‘n verlange om werklik heilig te wees, om soos U te wees met hart en siel en gees.

**Stof tot Nadenke…**

Die eerste en vernaamste bewys dat iemand die doping met die Heilige Gees ervaar het, is dat so ‘n persoon ‘n heilige lewe begin lei. Uittreksel: Revival Prayer deur Leonard Ravenhill.

**Onophoudelike Gebed:**

*Heilge Gees, heilig my.*

## Dag 34

**Voorwaardes vir Herlewing: …verootmoedig/berou toon en BID… (2 Kron. 7:14)**

*Jesus bid vir alle gelowiges: “Ek bid...ook vir dié wat deur hulle [my dissipels se] woord tot geloof in My sal kom...sodat hulle volkome een kan wees. Sodat die wêreld kan weet dat U My gestuur het en hulle liefhet net soos U My liefhet" (Joh.17:20-23).* Skepper-God, ons tree in vir alle gelowiges – nuwes en oues – dat hulle sal aanhou glo in die evangelieboodskap van Jesus, en nie verlei sal word deur die verskeidenheid van menslike redenasies van ons tyd nie. Ons bid dat alle mense sal weet dat Christus die Here is en dat niemand na die Vader kan kom behalwe deur Sy Seun nie. Ons verklaar dat alle dinge wat bestaan, slegs tot stand gekom het deur Hom en onder Sy beheer.

**Stof tot Nadenke…**

God wag om te sien of diegene wat sê dat hulle begaan is oor die toestand van die Kerk en volk, ernstig genoeg is om te begin bid. – Duncan Campbell.

**Onophoudelike Gebed:**

*Here Jesus, verenig U Kerk...*

## Dag 35

**Voorwaardes vir Herlewing: …verootmoedig/berou toon en BID… (2 Kron. 7:14)**

*Jesus bid vir alle gelowiges: “Vader, Ek wil graag hê dat waar Ek is, hulle wat U My gegee het, ook by My moet wees, sodat hulle My heerlikheid kan sien, die heerlikheid wat U My gegee het omdat U My al voor die skepping van die wêreld liefgehad het. Regverdige Vader, die wêreld ken U nie, maar Ek ken U, en hulle hier weet dat U my gestuur het" (Joh.17:24-25)*. Regverdige Vader, baie dankie dat U Uself deur Jesus Christus aan ons kom bekendmaak het, deurdat U Hom uit liefde aan ons gegee het. Gee dat ons sal verstaan dat Hy U in alles gehoorsaam was en sodoende vir ons 'n voorbeeld is.

**Stof tot Nadenke…**

God verwag nie dat ‘n mens in elke opsig perfek moet wees nie, maar Hy verwag tog dat hy God bo alles soek. – AW Tozer.

**Onophoudelike Gebed:**

*Here Jesus Christus, ek wil wees waar U is.*

**“Jy mag dalk nie** verstaan nie, maar die enigste manier waarop ek dit kan verklaar is: Verlede Dinsdagoggend, omtrent twintig oor elf, het die Here Jesus in die Hughes Ouditorium ingeloop, en Hy is nog steeds hier. Die hele gemeenskap is hier om aan Hom eer te bewys. – Dennis Kinlaw, Asbury Colley Revival (1970).

## Dag 36

**Voorwaardes vir Herlewing: …verootmoedig/berou toon en BID… (2 Kron. 7:14)**

*Nee, as jy bid, gaan na jou kamer toe, maak die deur toe en bid tot jou Vader wat jy nie kan sien nie. Jou Vader wat sien wat verborge is, sal jou beloon (Matt.6:6).* Vader, ons bely dat ons dikwels vir ander vertel presies hoe baie ons bid, en dat hulle daardeur geïntimideer, onwaardig en soms selfs ongered voel! Ons erken dat ons dikwels onbedagsaam is en verwag dat ander moet luister na ons, omdat ons dink ons gebedslewe is soveel beter! Vergewe ons asseblief vir die geestelike hoogmoed in ons harte. Skep in ons die begeerte om met U te praat, net om U ontwil en omdat U waardig is, en nie om ander mense te beïndruk nie.

**Stof tot Nadenke…**

Hoe kan jy ‘n woord van God verwag as jy nie daarna vra nie? En hoe anders vra ‘n mens as deur gebed? – Thomas Boston van Simprin (1699).

**Onophoudelike Gebed:**

*Vader, hier is ek...*

## Dag 37

**Voorwaardes vir Herlewing: …verootmoedig/berou toon en BID... (2 Kron. 7:14)**

*Ek dring daarop aan dat daar in die eerste plek met smeking, voorbidding en danksegging gebid moet word vir alle mense (1 Tim.2:1).* Heerser van die wêreld, ons bely dat ons nie bid, intree en dankie sê vir al ons geliefdes nie. Ons hou daarvan om te kritiseer, raad te gee en voor te sê hoe mense behoort te verander, maar ons bid nie met ewe veel oorgawe vir 'n verandering en 'n deurbraak in hulle situasies nie. Vergewe ons asseblief dat ons so eiegeregtig is. Laat die Heilige Gees ons 'n nuwe begeerte gee om in te tree vir almal rondom ons.

**Stof tot Nadenke…**

Herlewing is nie vir die genot van die Kerk nie, maar sodat sy gereinig kan word. Uittreksel: Revival, a people saturated with God deur Brian H. Edwards.

**Onophoudelike Gebed:**

*O God, gee my 'n gees van gebed...*

## Dag 38

**Voorwaardes vir Herlewing: …verootmoedig/berou toon en BID… (2 Kron. 7:14)**

*Wanneer julle bid, moet julle nie soos die heidene 'n stortvloed van woorde gebruik nie. Hulle verbeel hulle hulle gebede sal verhoor word omdat hulle baie woorde gebruik (Matt.6:7).* Ewige Vader, ons bely dat ons gebede baiekeer net 'n klomp niksseggende woorde is. Ons bid meestal vir dinge wat ons eie gerief sal verbeter en nie vir spesifieke Godgegewe strategieë en deurbrake nie. Vergewe ons asseblief en leer ons om onder alle omstandighede volgens u Woord te bid.

**Stof tot Nadenke…**

Die Kerk het baie manne en vroue wat bid, maar min manne en vroue van gebed. Uittreksel: Revival, God's way deur Leonard Ravenhill.

**Onophoudelike Gebed:**

*Vader, U kan...*

## Dag 39

**Voorwaardes vir Herlewing: …verootmoedig/berou toon en BID… (2 Kron. 7:14)**

*As julle bid, ontvang julle nie, omdat julle verkeerd bid: julle wil net julle selfsugtige begeertes bevredig (Jak.4:3).* Regverdige Vader, wanneer ons ons eie kop volg in gebed, ontvang ons nie, omdat ons selfsugtig vra. En wanneer ons bid, vra ons nie werklik vir dinge wat tot U eer is nie, maar bloot omdat ons weet U het die vermoë om vir ons te gee wat ons wil hê. Ons wil so dikwels U arm draai in gebed sodat ons ons sin kan kry! Ons neem dikwels aan dat U dit ook so wou gehad het! Vergewe ons asseblief! U weë is hoër as ons weë en u gedagtes is hoër as ons gedagtes. Maak ons sensitief wanneer ons bid, sodat ons volgens u wil en u woord sal vra.

**Stof tot Nadenke…**

"Kan julle nie eers vir een uur saam met my waak nie?" Die dissipels het geslaap omdat die las nie op hulle was nie. Hulle het nog nie die Kruis gesien nie. Uittreksel: Quest for the Highest deur J.E. Church.

**Onophoudelike Gebed:**

*Here God, laat U wil geskied.*

## Dag 40

**Voorwaardes vir Herlewing: …verootmoedig/berou toon en BID… (2 Kron. 7:14)**

*Moenie vir mekaar omgang weier nie, behalwe met wedersydse toestemming en net vir 'n bepaalde tyd om julle aan die gebed te wy. Daarna moet julle weer saamkom, sodat die Satan julle nie miskien weens julle gebrek aan selfbeheersing verlei nie (1 Kor.7:5).* El Roi (God wat sien), ons bely dat ons selfs in die kleinste dingetjies al geswig het voor versoekings weens ons gebrek aan selfbeheersing. Ons erken dat ons klein sondetjies duld asof dit nie vir U saakmaak nie! Vergewe ons dat ons nie u grootheid en heiligheid in gedagte hou nie, almagtige God! Gee ons onderskeiding om selfs die kleinste sonde uit ons lewens te verban, en gee ons moed en volharding om getrou te bly in ons huwelike.

**Stof tot Nadenke…**

Herlewing kan nie verskraal word tot programme nie. Dit is onmoontlik om 'n rooster of program op te stel vir herlewing. Uittreksel: Baptise with Fire deur Arthur Skevington Wood.

**Onophoudelike Gebed:**

*Heilige Gees, help my; ek het selfbeheersing nodig..*

## Dag 41

**Voorwaardes vir Herlewing: …verootmoedig/berou toon en BID… (2 Kron. 7:14)**

*Maar Ek sê vir julle: Julle moet julle vyande liefhê, en julle moet bid vir dié wat vir julle vervolg, sodat julle kinders kan wees van julle Vader in die hemel. Hy laat immers sy son opkom oor slegtes en goeies, en Hy laat reën oor dié wat reg doen en oor dié wat verkeerd doen (Matt.5:44-45).* Genadige Vader, ons staan verstom voor U goedheid en genade vir goeie sowel as slegte mense. Ons bely dat ons eintlik U soewereiniteit bevraagteken as ons vra waarom slegte mense steeds voorspoed geniet. U gedagtes en weë is anders as ons s'n! Leer ons om so goed en genadig te wees soos U is. Gee ons asseblief krag om ons swakhede te oorwin. Help ons om te bid vir ons vyande en dié wat ons vervolg, sodat hulle U Naam sal verheerlik.

**Stof tot Nadenke…**

Herlewing is nie iets wat aangevuur kan word nie; dit is iets wat afgebid moet word. Uittreksel: Baptise with Fire deur Arthur Skevington Wood.

**Onophoudelike Gebed:**

*Here Jesus Christus, mag diegene wat ek as my vyande ag, u liefde en genade ervaar.*

## Dag 42

**Voorwaardes vir Herlewing: …verootmoedig/berou toon en BID… (2 Kron. 7:14)**

*Dit is waarom elke gelowige in 'n tyd van nood tot U bid...U is vir my 'n skuilplek, U beskerm my teen aanvalle, U laat my oorwinningsliedere sing (Ps.32:6-7).* O Here, ons Skuiling teen die storm, ons vra dat U ons opnuut sal aanraak met die begeerte om te bid, om U dag en nag te aanbid en om voorbidding te doen vir ander mense. Ons bid dat die stemme van U volk in hierdie tyd op die aarde sal weerklink en dat U kinders dag en nag sonder ophou sal bid terwyl U nog te vinde is. Wees asseblief ons skuilplek. Verlos ons van die bose en leer ons om U oorwinningsliedere te sing.

**Stof tot Nadenke…**

Herlewing is die skenk van lewe aan die wat dood is, en die gawe van gesondheid aan die wat besig is om te sterf. – James Buchanan.

**Onophoudelike Gebed:**

*Vader, ek skuil by U...*

**Herlewing is** 'n belewenis van LEWE in die Kerk, hoofsaaklik onder die lidmate van die kerk, tydens 'n buitengewone werk van die Heilige Gees, om hulle te laat herleef. Hulle word verneder onder sy hand, van sonde oortuig en is geskok oor hul eie lewens. Dan sien en ervaar hulle God se verlossing in al sy krag en heerlikheid, en as 'n resultaat van dié bewusmaking en lewe, begin hulle bid. Die predikers ervaar nuwe krag in prediking en die uiteinde is dat groot getalle ongelowiges hulle bekeer en die Kerk groei. Uittreksel: I will pour out my Spirit deur R.E. Davies.

## Dag 43

**Voorwaardes vir Herlewing: …verootmoedig/berou toon en BID… (2 Kron. 7:14)**

*Moet oor niks besorg wees nie, maar maak in alles julle begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend (Fil.4:6).* Getroue Vader, ons bely dat ons beangs raak oor baie dinge wanneer ons na die radio luister en televisie kyk of die koerante lees. Ons kan almal die prooi word van vrees en die gevolge daarvan, soos hartaanvalle, depressie en angsaanvalle. Vergewe ons asseblief. Leer ons hoe om die vrese van ons tyd te oorwin deur gebed en smeking. Leer ons om ons versoeke met danksegging aan U voor te lê.

**Stof tot Nadenke…**

As daar een aspek van aanbidding is wat vandag ontbreek, dan is dit die voelbare teenwoordigheid van God. Dit is hoekom ons so nonchalant kan wees tydens aanbidding. Uittreksel: Revival, a people saturated with God deur Brian Edwards.

**Onophoudelike Gebed:**

*Dankie, Here Jesus…*

## Dag 44

**<u>Voorwaardes vir Herlewing: …verootmoedig/berou toon en BID… (2 Kron. 7:14)</u>**

*Volhard in gebed! Wees daarby waaksaam en dankbaar en bid tegelykertyd ook vir ons. Bid dat God vir ons 'n deur vir die woord oopmaak sodat ons die geheimenis van Christus kan verkondig waarvoor ek hier gevange sit (Kol.4:2-3).* Onveranderlike God, ons bid dat U alle gelowiges sal aanraak met 'n nuwe begeerte om te bid. Leer ons om in gebed te waak oor ons gesinne, gemeentes, stede en land. Help ons om nuusgebeure te interpreteer en te bid vir elke situasie, met danksegging aan U, by wie alle dinge moontlik is.

**<u>Stof tot Nadenke…</u>**

Herlewing is altyd selektief aan die begin en kos 'n prys. God soek mense wat gewillig is om die prys te betaal. Uittreksel: Breath of Heaven deur Ken Terhoven.

**<u>Onophoudelike Gebed:</u>**

*Hier is ek, Vader; ek wag op U.*

## Dag 45

**<u>Voorwaardes vir Herlewing: …verootmoedig/berou toon en BID … (2 Kron. 7:14)</u>**

*Ek wil dus hê dat die mans by elke plek van samekoms met 'n skoon gewete hande in gebed tot God moet ophef, vry van onmin en twis (1 Tim.2:8).* Heilige God, ons bely dat ons van U verwag om dinge te laat gebeur in antwoord op ons gebede, maar dat ons nie altyd bereid is om te breek met sondige gewoontes in ons lewens nie. Ons raak dan moedeloos as ons gebede nie verhoor word nie. Ontbloot ons harte, want dit is bedrieglik en ons kan onsself nie red nie (Jer.17:9). Help ons om ons sondes dadelik te bely, ons humeure in toom te hou, en nie in sinlose argumente betrokke te raak nie. Leer ons hierdie dinge sodat U kinders oral heilige hande in gebed kan oplig.

**<u>Stof tot Nadenke…</u>**

Die onheilige lewens van die Christene van vandag, tesame met biddeloosheid, is waarskynlik die rede wat God oortuig dat ons nie regtig ernstig is oor herlewing nie. Uittreksel: Revival, a people saturated with God deur Brian H. Edwards.

**<u>Onophoudelike Gebed:</u>**

*Heilige Gees, verwyder all woede en aggressie uit my hart.*

## Dag 46

**<u>Voorwaardes vir Herlewing: …verootmoedig/berou toon en BID… (2 Kron. 7:14)</u>**

*Bid dat Jerusalem vrede mag hê, dat hulle wat hom liefhet, rustig mag woon (Ps.122:6).* God van Abraham, Isak en Jakob, ons bely dat ons nie altyd onthou om te bid vir die vrede van Jerusalem nie. Ons vra om vergifnis. Leer ons asseblief en herinner ons voortdurend om te bid dat volkome vrede in Jerusalem en Israel sal kom. Ons bid dat U wil en planne uitgevoer sal word ten spyte van al die planne en strategieë van mense.

**Stof tot Nadenke…**
Intimiteit met God beteken dat wanneer God pyn ervaar, dan ervaar die bidder ook pyn. Uittreksel: Revival, God's way deur Leonard Ravenhill.
**Onophoudelike Gebed:**
*Here Jesus Christus, openbaar Uself aan almal in die Midde-Ooste.*

## Dag 47

**Voorwaardes vir Herlewing: …verootmoedig/berou toon en BID… (2 Kron. 7:14)**
*Wees altyd bly. Bid gedurig. Wees in alle omstandighede dankbaar, want dit is wat God in Christus Jesus van julle verwag. Moenie die Heilige Gees teenstaan nie. Moenie uitsprake van die wat die boodskap van God verkondig, geringskat nie (1 Tess.5:16-20).* Betroubare God, ons bely dat ons dikwels die vuur van die Gees uitblus en U gesproke en geskrewe Woord verwaarloos, omdat ons ontnugter is deur omstandighede. Vergewe ons asseblief. Leer ons om altyd blymoedig te wees en om sonder ophou te bid. Help ons om iets goeds in elke situasie te sien en in alles dankbaar te wees, want dit is U wil.
**Stof tot Nadenke…**
Mense sal ons seermaak. Hulle sal ons irriteer en kwaad maak. God gebruik hierdie goed om ons te breek en te verneder. Op hierdie manier maak Hy ons nog dieper kanale sodat die Lewe van Christus deur ons na ander kan vloei. Uittreksel: The way of the Cross deur Roy Hession.
**Onophoudelike Gebed:**
*Vader God, ek vertrou U...*

## Dag 48

**Voorwaardes vir Herlewing: …verootmoedig/berou toon en BID… (2 Kron. 7:14)**
*Wees op julle hoede dat julle gees nie deur oormatige etery en drinkery en deur die sorge van die lewe afgestomp word nie en dat daardie dag (die wederkoms) julle nie onverhoeds soos 'n vangnet oorval nie. Maar wees waaksaam en bid altyddeur dat julle die krag kan ontvang om deur al hierdie dinge wat gaan gebeur, behoue deur te kom en om voor die Seun van die mens te verskyn (Luk.21:34-36).* Jesus, ons Koning wat weer op die wolke sal kom, verlos ons asseblief van spandabelrigheid en oormatige etery en drinkery. Raak ons weer aan met U Gees en gee ons krag om altyd te waak en te bid. Stel ons in staat om te ontkom aan al die versoekings van hierdie wêreld, sodat ons rein voor U sal kan staan wanneer U weer kom.
**Stof tot Nadenke…**
Die rede hoekom die wêreld Christene nie ernstig opneem nie, is omdat ons ons Christenskap nie ernstig opneem nie. – Brian H. Edwards.
**Onophoudelike Gebed:**
*Vader, help my om my dae so in te rig dat ek tyd het vir U.*

## Dag 49

**Voorwaardes vir Herlewing: …verootmoedig/berou toon en BID… (2 Kron. 7:14)**

*Die Here sorg vir die opregtes (sy oog is op hulle) en Hy luister na hulle hulpgeroep, maar Hy tree op teen dié wat kwaad doen (1 Pet.3:12).* Ware en regverdige God, ons bid dat U ons genadig sal wees en nie U aangesig van ons sal terugdraai nie. Laat U oë op ons lewens wees en laat U ore oop wees vir ons gebede. Gee aan ons onderskeiding om die kwaad raak te sien. Leer ons om sonder versuim ons sondes te bely en te laat staan.

**Stof tot Nadenke…**

Wanneer iemand toegewy is aan herlewing, bid hulle nie wanneer hulle so voel, of wanneer hulle oorval word met die begeerte nie, of dalk een maal per week nie. Dit word by hulle 'n allesverterende vuur. Uittreksel: Breath of Heaven deur Ken Terhoven.

**Onophoudelike Gebed:**

*Is u oë op my gerig, Here?*

**Alle normale** aktiwiteite in hulle lewens het gaan stilstaan. Mense het nie gewerk of geëet nie. Niemand wou die gebou verlaat nie, want as hulle dit sou verlaat, moes hulle die amper tasbare teenwoordigheid van God verlaat. Soos 'n gety wat eb en vloei, het die intensiteit van die ervaring soos golwe gespoel. Daar was raserige tye wanneer mense openlik hulle sondes bely het, en stiller tye met sagte geween en persoonlike gebed by die altaar. Uittreksel: The Ten Greatest Revivals Ever deur Elmer Towns en Douglas Porter.

## Dag 50

**Voorwaardes vir Herlewing: …verootmoedig/berou toon en BID… (2 Kron. 7:14)**

*En as julle gelowig bid, sal dit vir die sieke genesing bring: die Here sal hom gesond maak...Die gebed van 'n gelowige het 'n kragtige uitwerking (Jak.5:15-16).* Almagtige God, ons bely dat ons selde sien dat mense deur gebed genees word, want ons geloof is klein as ons bid. Ons weet nie werklik wat geloof is, of hoe om ons geloof uit te lewe nie. Ons ontvang nie, want ons vra nie. Ons gebede is kragteloos en oneffektief, want ons lewe nie in opregtheid volgens U Woord nie. Wees ons asseblief genadig. Gee ons meer vertroue in U. Leer ons hoe om reg te lewe en hoe om te bid vir die siekes, sodat hulle kan gesond word en U Naam verheerlik kan word!

**Stof tot Nadenke…**

"Ons moet nog sien wat God kan doen met iemand wat totaal aan Hom toegewy is." – Leonard Ravenhill.

**Onophoudelike Gebed:**

*Here Jesus, ek verlang daarna om in geregtigheid te wandel...*

## Dag 51

**Voorwaardes vir Herlewing: …verootmoedig/berou toon en BID… (2 Kron. 7:14)**

*Die Gees staan ons ook in ons swakheid by: ons weet nie wat en hoe ons behoort te bid nie, maar die Gees self pleit vir ons met versugtinge wat nie met woorde gesê word nie (Rom.8:26).* Middelaar en Redder, ons vra dat U ons deur die Heilige Gees sal leer hoe om te bid. Ons bid dat U deur die Heilige Gees vir ons sal intree wanneer ons nie weet hoe om te bid nie. Leer ons om sensitief te wees vir U stem wat deur die Heilige Gees met ons praat.

**Stof tot Nadenke…**

Een biddende persoon staan by God opgeteken as 'n meerderheid. Uittreksel: Hoekom Herlewing Talm deur Leonard Ravenhill.

**Onophoudelike Gebed:**

*Heilige Gees, help my in my swakheid.*

## Dag 52

**Voorwaardes vir Herlewing: …verootmoedig/berou toon en BID… (2 Kron. 7:14)**

*So moet julle bid: "Ons Vader wat in die hemel is, laat u Naam geheilig word…" (Matt.6:9).* Hemelse Vader, ons verhoog U Naam. Ons verklaar dat alles oor U gaan wanneer ons bid, en nie oor ons nie. U is soewerein, heilig en vol majesteit. Ons rig ons versoeke aan U, want U is die bron van alle goeie dinge. Niks is vir U onmoontlik nie en ons vertrou U in alles. Ons buig voor U grootheid en heerlikheid.

**Stof tot Nadenke…**

Bid is net om met Hom te praat – asof Hy so pas ingestap het en ons wil graag hê Hy moet bly en luister na alles wat ons te sê het voordat Hy weer vertrek...Uittreksel: I will pour out my Spirit deur J.E.Church.

**Onophoudelike Gebed:**

*Vader, u Naam is heilig..*

## Dag 53

**Voorwaardes vir Herlewing: …verootmoedig/berou toon en BID… (2 Kron. 7:14)**

*So moet julle bid: "…Laat u koninkryk kom…" (Matt.6:10).* Heerser oor alles, ons bid dat u koninkryk sal kom. Ons wil graag met ons hele lewe wys dat U die Koning is. Mag u Koningskap 'n werklikheid word in die kerk, in ons besighede en in ons gesinslewe, deur ons eerlikheid en betroubaarheid teenoor mekaar. Wanneer ons u Naam verhoog, mag u koninkryk ook in ons kom, en mag dit net so 'n kragtige uitwerking hê op aarde soos in die hemel. Lei ons in 'n dieper besef van u Koningskap.

**Stof tot Nadenke…**

God se verbond oor herlewing is sy inisiatief. Geen mens het nog ooit by God gepleit totdat Hy belowe om herlewing te stuur nie. Omdat Hy die God van herlewing is, gee Hy gewilliglik vir ons die uitnodiging om te bid totdat herlewing kom. God is gretiger om vir

ons herlewing te gee as wat ons is om dit te ervaar. Uittreksel: Revival Fire deur Wesley Deuwel.

**Onophoudelike Gebed:**

*Here Jesus, laat u koninkryk in my lewe kom.*

## Dag 54

**Voorwaardes vir Herlewing: …verootmoedig/berou toon en BID… (2 Kron. 7:14)**

*So moet julle bid: "…laat u wil ook op die aarde geskied, net soos in die hemel…" (Matt.6:10).* Ons ewige Hoeksteen, ons bid dat U die fondament sal wees waarop alles in ons lewens gebou en bepaal word. Ons wy ons emosies, ons wil en ons hele verstand aan U, asook elke besluit wat ons neem. Ons wy ons liggame aan U, deur wat ons eet en die oefening wat ons doen. Ons wy onsself aan U en vra dat U ons tot U eer sal heilig. Mag U wil hier op aarde deur ons geskied.

**Stof tot Nadenke…**

Die groter doel in herlewing is God se eer. Herlewing is nie afhanklik van persone nie. Herlewing is nie afhanklik van evangelisasie nie. Herlewing word eerstens gekenmerk deur gebedsafwagting, dan bewustheid van God, dan gebrokenheid, dan openheid en laastens getrouheid. Uittreksel: Baptise with Fire deur Arthur Skevington Wood.

**Onophoudelike Gebed:**

*Vader, openbaar U wil aan my.*

## Dag 55

**Voorwaardes vir Herlewing: …verootmoedig/berou toon en BID … (2 Kron. 7:14)**

*So moet julle bid: "…Gee ons vandag ons daaglikse brood…" (Matt.6:11).* Here, Bron van ons lewe, ons bid dat U oorvloedige voorsiening in ons lewens ‘n getuienis sal wees vir ongelowiges. Ons gee onsself oor aan U om U wil te doen. Ons smeek U dat ons niks sal kortkom om die werk te voltooi waarvoor ons geroep is nie. Maak ons harte oop om oorvloedig te gee aan dié wat nie het nie, sonder vrees dat ons self daardeur gebrek sal ly.

**Stof tot Nadenke…**

Die doel van herlewing is om God se genade te openbaar. Die boodskap van herlewing verheerlik God, is gegrond op die Bybel, fokus op Christus en red siele. Uittreksel: Baptise with Fire deur Arthur Skevington Wood.

**Onophoudelike Gebed:**

*Here God, U is my Voorsiener.*

## Dag 56

**Voorwaardes vir Herlewing: …verootmoedig/berou toon en BID … (2 Kron. 7:14)**

*So moet julle bid: "…Vergeef ons ons oortredinge soos ons ook dié vergewe wat teen ons oortree…" (Matt.6:12).* Regverdige Regter, ons is onwillig en het 'n wrok in ons harte

wanneer ons iemand anders moet vergewe wat iets teen ons verkeerd gedoen het. Dit bring ons diep in die skuld by U! Maak ons bereidwillig om die goeie werk te voltooi wat U in ons begin het. Gee ons sagte harte teenoor ons skuldenaars, sodat ons sal kan vergewe en genadig kan wees, net soos ons tot U bid om óns genadig te wees. Vergewe asseblief ons sonde!

**Stof tot Nadenke…**

Die Heilige Gees is die bewerker van Herlewing. Hy heilig, Hy oortuig, Hy wek op, Hy stel in staat en Hy beheer. Uittreksel: Baptise with Fire deur Arthur Skevington Wood.

**Onophoudelike Gebed:**

*Here Jesus Christus, wees my, 'n sondaar, genadig!*

"**Ek het altyd** gebid dat God my met Sy Gees moet vul. Wel, eendag in New York stad – ai, wat 'n dag! – dit was onbeskryflik. Ek verwys selde daarna. Dit is amper 'n te heilige ervaring om daaroor te praat. Paulus het 'n soortgelyke ervaring gehad waaroor hy vir veertien jaar niks gepraat het nie. Ek kan maar net sê dat God Homself aan my openbaar het, en dat ek so 'n belewenis van sy liefde ontvang het dat ek moes vra dat Hy moet wag daarmee. Ek het weer gaan preek. Die preke was nie anders nie; ek het nie enige nuwe waarhede voorgehou nie, en tog, honderde het tot bekering gekom. Ek sou nie nou weer wou teruggaan tot voor hierdie geseënde ontmoeting nie. Selfs al sou jy my die hele wêreld aanbied – dit is maar soos 'n spikkeltjie stof in die weegskaal... – D.L.Moody oor Persoonlike Herlewing.

## Dag 57

**Voorwaardes vir Herlewing: …verootmoedig/berou toon en BID … (2 Kron. 7:14)**

*So moet julle bid: "En laat ons nie in versoeking kom nie maar verlos ons van die bose" (Matt.6:13).* Almagtige Verlosser, ons vra dat U ons oë sal oopmaak om versoekings te herken as dit oor ons pad kom. Gee ons wysheid en begrip om versoekings onder alle omstandighede te weerstaan. Verlos ons van die bose.

**Stof tot Nadenke…**

Vrug van herlewing: Herlewing bring 'n nuwe sensitiwiteit vir sonde. Herlewing bring 'n hernude toewyding aan God. Herlewing bring 'n nuwe lojaliteit aan die Kerk. Herlewing bring 'n nuwe liefde tussen die broers en susters. Herlewing bring 'n nuwe besorgdheid oor die verlorenes. Uittreksel: Baptise with Fire deur Arthur Skevington Wood.

**Onophoudelike Gebed:**

*Vader, verlos my...*

## Dag 58

**Voorwaardes vir Herlewing: …verootmoedig/berou toon en BID … (2 Kron. 7:14)**

*Ek bid dat…julle in die liefde gewortel en gegrondves sal wees. Mag julle in staat wees om saam met al die gelowiges te begryp hoe wyd en ver en hoog en diep die liefde van*

*Christus strek. Mag julle sy liefde ken, liefde wat ons verstand te bowe gaan, en mag julle heeltemal vervul word met die volheid van God (Ef.3:17-18).* Liefdevolle Vader, ons bely dat ons so maklik twyfel en wonder of U ons regtig liefhet wanneer dinge skeefloop. Ons bid dat U ons in u genade sal lei om gewortel en gegrondves te word in u liefde, sodat ons sal kan verstaan hoe wyd en lank en hoog en diep die liefde van Jesus is. Laat ons harte en gedagtes deurweek word daarvan om ons aan u liefde oor te gee en vervul te word met die volheid van God.

**Stof tot Nadenke…**

Herlewing bring 'n kerk op haar knieë. God vind 'n hele kerk op haar knieë onweerstaanbaar. – Evan Roberts.

**Onophoudelike Gebed:**

*Here Jesus, ek smag daarna om u liefde te ken...*

## Dag 59

**Voorwaardes vir Herlewing: …verootmoedig/berou toon en BID … (2 Kron. 7:14)**

*Ek bid dat Hy julle geestesoë so verhelder dat julle kan weet watter hoop sy roeping inhou en watter rykdom daar is in die heerlike erfenis wat Hy vir die gelowiges bestem het en hoe geweldig groot sy krag is wat Hy uitoefen in ons wat glo (Ef.1:18-19).* Heerser oor alle nasies, ons erken dat ons die meeste van die tyd onseker is oor wat U van ons verwag. Daarom vra ons dat U genadig sal wees en ons oë sal verlig om te weet met watter hoop U ons (as Christene) geroep het. Laat ons besef dat dit ons erfdeel is om U te ken. Laat die begeerte in ons harte brand om U bekend te maak aan die nasies van die wêreld wat U nie ken nie!

**Stof tot Nadenke…**

Wanneer God kom met herlewing, dan weet hele gemeenskappe dat daar 'n God is en dat ewige dinge regtig saakmaak. Uittreksel: Revival, a people saturated with God deur Brian H. Edwards.

**Onophoudelike Gebed:**

*Heilige Gees, open my oë...*

## Dag 60

**Voorwaardes vir Herlewing: …verootmoedig/berou toon en BID … (2 Kron. 7:14)**

*My bede is dat die gemeenskap wat jy deur die geloof met ons het, jou 'n dieper insig sal gee in al die goeie dinge wat ons vir Christus kan doen (Flm.6)*. Christus Jesus, ons Hoop, ons erken dat ons nie seker is oor presies hoe om die evangelie met ongelowiges te deel. Ons erken ook dat ons bang is om aanstoot te gee as ons dit wel sou deel. Inspireer ons asseblief deur U Heilige Gees, sodat ons met vrymoedigheid die evangelie aktief kan deel en tot 'n dieper insig sal kom van U goedheid vir ons wat U ken.

**Stof tot Nadenke…**

Die eerste aanduiding dat herlewing op pad is, is meestal dat daar 'n roering kom in die gebedslewe van 'n kerk. Uittreksel: Revival, a people saturated with God deur Brian H.

Edwards.

**Onophoudelike Gebed:**

*Heilige Gees, wys my die geleenthede waar ek my geloof kan deel.*

## Dag 61

**Voorwaardes vir Herlewing: …verootmoedig/berou toon en bid, en MY AANGESIG SOEK … (2 Kron.7:14)**

*Hulle het ook ‘n verbond gesluit om aan die Here die God van hulle voorvaders gehoorsaam te wees met hulle hele hart en siel (2 Kron.15:12).* Here, God van ons vaders, ons is in ‘n ewige verbond met U om u aangesig te soek. Skenk ons u genade en krag om hierdie verbond met ons hele hart en siel te onderhou. Herinner ons dag en nag om aan te hou bid en u teenwoordigheid te soek vir ons land.

**Stof tot Nadenke…**

Ons kan nie herlewing voortbring, of verdien, of vir God ‘n rooster vir ‘n herlewingsbesoek opstel nie. Ons kan slegs God se voorwaardes nakom en sy aangesig soek. Uittreksel: Revival Fire deur Wesley Deuwel.

**Onophoudelike Gebed:**

*Vader, ek soek U met my hele hart en siel...*

## Dag 62

**Voorwaardes vir Herlewing: …verootmoedig/berou toon en bid, en MY AANGESIG SOEK ... (2 Kron.7:14)**

*Elkeen wat ongehoorsaam was aan die Here die God van Israel, moes doodgemaak word, klein en groot, man en vrou (2 Kron.15:13).* Here God, wat sou van ons word as iets soortgelyk in ons tyd moes gebeur! Ons vra u genade oor ons. Ons bid vir groter eenheid tussen u kinders, asook dat meer leiers en gelowiges landwyd sal inskakel om u teenwoordigheid en u wil te soek. Laat die dood nie oor ons kom nie. Verwyder geestelike blindheid en doofheid uit u kerk. Ons vra U om ons land na U te laat honger en dors, sodat alle mense na U sal soek.

**Stof tot Nadenke…**

God verwag meer as net blote oppervlakkige gebed vir herlewing. Hy wil dat sy kinders sal honger en dors na sy magtige werke. Om God se aangesig te soek is veel meer as om herlewing toevallig te noem in ons gebede. Dit vereis herhaaldelike en langdurige gebed. Dit vereis ‘n heilige vasberadenheid in gebed. Dit vereis dat ons onsself sal ondersoek om te sien of daar enigiets in ons lewens is wat God kan verhinder. Iemand wat na herlewing soek, is bereid om enige stappe te neem wat antwoorde kan bring. Uittreksel: Revival Fire deur Wesley Deuwel.

**Onophoudelike Gebed:**

*Vader, maak alles in my dood wat nie na U soek nie.*

## Dag 63

**Voorwaardes vir Herlewing: …verootmoedig/berou toon en bid, en MY AANGESIG SOEK … (2 Kron.7:14)**

*Dit was vir hulle 'n vreugde om na die Here te vra, en Hy het Hom deur hulle laat vind en hulle rus gegee na alle kante toe (2 Kron.15:15).* Immanuel (God by ons), ons bid ernstig dat U 'n brandende begeerte in ons harte sal gee om meer en meer na u wil in ons lewens te soek. Leer ons hoe om U in ons daaglikse lewens die ereplek te gee. Laat ons harte wakker wees, selfs al slaap ons. Laat ons nooit moeg word om tot U te roep nie! Wees ons genadig en wees altyd God by ons! Gee vir ons rus na alle kante toe.

**Stof tot Nadenke…**

Die manne (en vroue) wat deur God in herlewings gebruik is, was mense wat gewoond was om intiem met God te wandel en wat gesmag het na 'n heilige lewe. Uittreksel: Revival, a people saturated with God deur Brian H. Edwards.

**Onophoudelike Gebed:**

*Vader, mag ek U tog vind!*

> **"Ek het heelparty** goeie mense gesien wat onder 'n diepe las gebuk gegaan het en na God uitgeroep het in hulle verlore en ellendige toestand. Die redes was sonde, ongeloof, veragting van Christus en die evangelie wat Hy aanbied of dalk 'n hardheid van hart of growwe nalatigheid en onbetrokkenheid by godsdiens. Die uitroepe was nie soseer as gevolg van vrees nie, maar omdat hulle bewus was van die oneer wat God aangedoen is." – Dr John Hamilton.

## Dag 64

**Voorwaardes vir Herlewing: …verootmoedig/berou toon en bid, en MY AANGESIG SOEK ... (2 Kron.7:14)**

*In sy nege en dertigste regeringsjaar het Asa 'n uiters ernstige siekte aan sy voete opgedoen, maar selfs in die siekte het hy nie die Here geraadpleeg nie, wel die dokters. Hy is oorlede in die een en veertigste jaar van sy regering (2 Kron.16:12-13).* Groot Geneesheer, ons erken dat ons geneig is om wanneer ons siek is, ons vertroue in dokters te stel en nie in U nie. Dikwels voel ons om U nie lastig te val nie, omdat ons wonder of U ons kan help. Vergewe ons asseblief. Leer die kerk hoe om na U uit te roep vir die siekes onder ons, sodat hulle nie sal sterf nie, maar sal leef.

**Stof tot Nadenke…**

As ons nie langer na God draai vir hulp nie, dan vervang ons Hom, sy voornemens en sy manier met iets uit die wêreld. Uittreksel: Fresh Encounter deur Henry T. Blackaby en Claude V. King.

**Onophoudelike Gebed:**

*Here Jesus Christus, U is my geneesheer.*

## Dag 65

**Voorwaardes vir Herlewing: …verootmoedig/berou toon en bid, en MY AANGESIG SOEK ... (2 Kron.7:14)**

*En die Judeërs het bymekaargekom om die hulp van die Here te vra. Uit al die stede van Juda het hulle gekom om die Here se hulp te vra (2 Kron.20:4).* Wyse Raadsman, ons vra opreg dat U in hierdie moeilike tye in gelowiges se harte sal werk, sodat hulle bymekaar sal kom om u hulp te vra. Inspireer gelowiges regoor die hele land om hulle voor U te verootmoedig en u raad te vra. Herstel verbreekte vertrouensverhoudings en bring versoening oor alle grense heen.

**Stof tot Nadenke…**

Die wortel van 'n groot gedeelte van die probleem van 'n 'dooie' kerk, is die angswekkende feit dat die meeste mense wat aanspraak maak daarop dat hulle Christene is, nooit 'n ware ontmoeting met die Here Jesus Christus gehad het nie. Uittreksel: Breath of Heaven deur Ken Terhoven.

**Onophoudelike Gebed:**

*Vader, mag die Kerk in elke dorp U soek!*

## Dag 66

**Voorwaardes vir Herlewing: …verootmoedig/berou toon en bid, en MY AANGESIG SOEK ... (2 Kron.7:14)**

*In die agtste jaar van sy (Josia se) regering, toe hy nog 'n jong man was, het hy begin om die God van sy voorvader Dawid te dien…Hy het persoonlik toegesien dat die altare van die Baäls verwoes word…In die agtiende jaar van sy regering, toe hy nog besig was om die land en die tempel skoon te maak…het Josia…die huis van die Here sy God herstel (2 Kron.34:3-8).* Abba Vader, in hierdie tyd bid ons dat U die jonger geslag deur u Heilige Gees sal aanraak om u wil te soek. Ons bid dat hulle, soos Josia, sal weet wat reg en verkeerd is, en die wêreldse dinge sal los. Ons vra dat hulle die krag sal ontvang om die land te suiwer, en dat gebed en aanbidding in ons land 'n bloeitydperk sal beleef in hulle geslag.

**Stof tot Nadenke…**

Herlewing manifesteer eerstens as 'n diepe kommer by belydende Christene oor die vlakheid en oppervlakkigheid van hulle geestelike lewens. Dan word hulle diep bewus van die armoede in hulle verhouding met God, van die lae morele standaard van hulle lewens en hulle diens aan Christus. 'n Diepe besef van sonde kom wanneer hulle bewus raak van die heiligheid van God en sy naderende teenwoordigheid en ervaar dat Hy nie tevrede is met hulle nie. Hierdie ervaring word soms ondraaglik. Baie Christene wat so aangeraak word, verkry uiteindelik 'n nuwe oortuiging van God se genade, vergifnis en herstel. Uittreksel: I will pour out my Spirit deur R.E. Davies.

**Onophoudelike Gebed:**

*Vader, mag die jeug van ons volk U begin vrees.*

## Dag 67

**Voorwaardes vir Herlewing: …verootmoedig/berou toon en bid, en MY AANGESIG SOEK... (2 KRON.7:14)**

*Daarom vertrou almal wat u Naam bely, op U, want U, Here, laat dié wat vra na u wil, nie in die steek nie (Ps.9:11).* Onveranderlike Here, ons smeek vandag dat U Uself sal openbaar aan diegene wat U soek. Ons bid dat U u Naam aan ongelowiges sal bekend maak. Ons vra dat die mense van Suid-Afrika sal leer om op U te vertrou, en U te erken in alles wat hulle doen.

**Stof tot Nadenke…**

Wanneer 'n Christen na God soek, is dit 'n proses; wanneer so 'n persoon oorgee, is dit die produk van die soektog. Uittreksel: The Ten Greatest Revivals Ever deur Elmer Towns en Douglas Porter.

**Onophoudelike Gebed:**

*Ek vertrou U, Vader.*

## Dag 68

**Voorwaardes vir Herlewing: …verootmoedig/berou toon en bid, en MY AANGESIG SOEK ... (2 Kron.7:14)**

*So iemand sal van die Here seën ontvang, en God, sy Redder, sal reg aan hom laat geskied. Die mense wat na sy wil vra en Hom dien, is die geslag van Jakob (Ps.24:5-6).* God van alle geslagte, ons pleit by U vir ons volk. Ons vra opreg dat daar 'n begeerte in die hart van elke persoon sal kom – gered en ongered – om u reddende genade te leer ken. Ons bid dat van hierdie geslag gesê sal word dat hulle slegs seën en bevryding van die Here ontvang het, omdat hulle U met 'n opregte hart in gebed gesoek het.

**Stof tot Nadenke…**

Herlewings is 'n soewereine werk van God, maar dit gebeur altyd wanneer God se kinders gehoorsaam raak. Is jy en ek bereid om die pad vir die Here voor te berei deur gebed, te vas en gehoorsaamheid? Uittreksel: Revival Fire deur Wesley Deuwel.

**Onophoudelike Gebed:**

*Ag, mag ons geslag U aangesoek soek, O God van Israel.*

## Dag 69

**Voorwaardes vir Herlewing: …verootmoedig/berou toon en bid, en MY AANGESIG SOEK ... (2 Kron.7:14)**

*Dit gaan goed met die mens wat by Hom skuil…Wie Hom vrees, het geen gebrek nie. Selfs leeus ly gebrek en kry honger, maar wie die Here se hulp vra, kom niks kort van al die goeie dinge nie (Ps.34:9-10).* Algenoegsame Here, ons vra dat hierdie vers sal waar word van ons land. Ons gee toe dat ons dikwels in baie opsigte te kort skiet omdat ons nie 'n begrip het van die Bybelse ontsag vir die Here nie. Ons bid dat eerbied vir die Here

sal terugkeer na die harte en gedagtes van ons mense. Terwyl ons in gebed tot U nader, mag dit so wees dat ons niks sal kortkom nie.

**Stof tot Nadenke…**

Hoe dieper, meer wyd verspreid en volkome die gebed en gehoorsaamheid van Christene word, hoe wyer verspreid is die uitstorting van God se Gees tydens herlewing. Uittreksel: Revival Fire deur Wesley Deuwel.

**Onophoudelike Gebed:**

*Vader, laat die vrees van God oor my kom...*

## Dag 70

**Voorwaardes vir Herlewing: …verootmoedig/berou toon en bid, en MY AANGESIG SOEK ... (2 Kron.7:14)**

*Laat almal wat by U hulp soek, jubel en bly wees oor U, laat dié wat op u hulp staatmaak, altyddeur sê: "Die Here is groot!" (Ps.40:16).* Verhewe God, ons erken dat ons min tyd daaraan wy om u Naam te prys en te loof wanneer ons bid. Ons het dikwels net gebedsversoeke! Leer ons deur u Heilige Gees om u Naam te verhoog en ons te verbly in U, selfs al vra ons niks van U nie. Laat ons u wil soek. Laat dit vir ons gaan oor wie U is, en nie net wat U vir ons kan doen nie. Ons wil U meer en meer liefhê en verhoog!

**Stof tot Nadenke…**

Die eerste stap na 'n goeie geestelike oes is om die braakland om te ploeg. Die tweede stap is om sade van geregtigheid te saai. Die derde stap is om te wag vir die oes – 'n tyd om die Here te soek. Die vierde stap is wanneer die oes ryp word – God alleen kan dit laat gebeur. Die finale stap is om die oes in genade in te samel. Uittreksel: Baptise with Fire by Arthur Skevington Wood.

**Onophoudelike Gebed:**

*Here Jesus Christus, ek verhoog u naam!*

**'n Gees van gebed** was vier maande lank oorheersend by 'n Baptiste Kerk. Die lidmate het begin om elke aand gebedsbyeenkomste te hou, en het in die woorde van Jesaja 64:1 gepleit: "O God, skeur die hemele en kom neer!" Toe begin die drie plaaslike gemeentes gesamentlike gebedsbyeenkomste, wat van kerk tot kerk geskuif het. Dit het vir hulle gevoel asof die heerlikheid van die Here by hulle verbygegaan het, terwyl hulle in die rotsskeur skuil. Baie gou, tydens 'n gesamentlike diens, het die Heilige Gees soos 'n 'sagte wind' op hulle neergedaal, totdat die hele plek met Hom gevul was. Sy invloed was so kragtig dat niemand, vir 'n paar minute, kon praat nie. "Al wat ons kon doen was om met trane van vreugde uiting te gee aan ons gevoelens." – Wallis, 1859.

## Dag 71

**Voorwaardes vir Herlewing: …verootmoedig/berou toon en bid, en MY AANGESIG**

**SOEK … (2 Kron.7:14)**
*Van die hemel af kyk God die mense deur om te sien of daar een verstandige is, een wat na die wil van God vra (Ps.53:3).* El Roi (God wat sien), ons erken dat ons steeds baie min begrip het van wie U is, omdat ons min tyd bestee net om in gebed stil te wees voor U, en om U Woord deeglik te bestudeer. Ons doen dikwels Bybelstudie net om onsself te laat beter voel of 'n bemoedigende woord vir ons eie omstandighede te soek! Leer ons deur u Heilige Gees om die dieper waarhede in die Skrif te ontdek! Laat ons gereeld tot U bid, nie vir ons eie voordeel nie, maar slegs omdat U waardig is.

**Stof tot Nadenke…**
Party het hulself vollengte op die vloer neergewerp, honderde het met arms uitgestrek na die hemel gestaan. Elke persoon het vergeet van die ander rondom hom. Elkeen was van aangesig tot aangesig met God. – Jonathan Edwards.

**Onophoudelike Gebed:**
*Vader, kyk U na my?*

## Dag 72

**Voorwaardes vir Herlewing: …verootmoedig/berou toon en bid, en MY AANGESIG SOEK … (2 Kron.7:14)**
*Slegte mense het geen begrip van wat reg is nie; dié wat na die wil van die Here vra, het ‘n goeie begrip van alles (Spr.28:5).* Regverdige God, al doen ons baie Bybelstudie en al bid ons baie, erken ons dat ons steeds nie u regverdigheid goed verstaan nie. Ons het ons eie interpretasie van versoening en restitusie (vergoeding). Leer ons om ‘n beter begrip te hê van wie u is, en om die wonder van u wese en regverdigheid beter te verstaan.

**Stof tot Nadenke…**
Mense wat wil bid, bid. Hulle argumenteer nie oor gebed nie; hulle moedig nie net ander aan om te bid nie. Hulle bid. Uittreksel: Revival Prayer deur Leonard Ravenhill.

**Onophoudelike Gebed:**
*Here God, help my om u geregtigheid te verstaan.*

## Dag 73

**Voorwaardes vir Herlewing: …verootmoedig/berou toon en bid, en MY AANGESIG SOEK… (2 Kron.7:14)**
*Vra na die wil van die Here (Soek die Here – OV), alle nederiges in die land, almal wat doen wat die Here wil. Streef na geregtigheid, na nederigheid! Miskien bly julle die straf gespaar op die dag van die toorn van die Here (Sef. 2:3).* Aanvoerder van die hemelse leërskare, leer ons om elke dag u wil in ons lewens te soek! Leer ons die dieper betekenis van regverdigheid, om onsself voor U te verootmoedig en by U, die Rots van ons verlossing, te skuil. Laat ons met ons hele wese smag na U, sodat ons manier van dinge doen sal verander en ons optrede meer sal word soos U, die Christus, die uitverkore Een.

**Stof tot Nadenke…**

Die Geesvervulde lewe word gekenmerk deur ‘n vryheid wat nederig en standvastig is; deur ‘n liefde vir vyande wat geen griewe koester nie en daarop gerig is om ander te verwelkom. Uittreksel: Quest for the Highest deur J.E. Church.

**Onophoudelike Gebed:**

*Vader, help my om geregtigheid en nederigheid na te streef...*

## Dag 74

**Voorwaardes vir Herlewing: …verootmoedig/berou toon en bid, en MY AANGESIG SOEK… (2 Kron.7:14)**

*Die inwoners van een stad sal na die van die volgende toe gaan en elkeen sal sê: "Kom ons gaan raadpleeg die Here, ons gaan vra na die wil van die Here die Almagtige. Ek gaan ook!" (Sag.8:21).* God wat onverdeelde trou eis, ons wil U al die dae van ons lewe aanbid. Ons bid dat U die harte van mense in elke dorp of stad in ons land sal aanraak om mekaar aan te spoor om die wil van Here te soek. Skep die begeerte in ons mense om almal saam te strewe na u wil in alle besluite, alle wense, alle drome, alle projekte en bedieninge wat ons in gedagte het.

**Stof tot Nadenke…**

Die mees konstante faktore wat in alle herlewings teenwoordig is, is dringende, volhardende gebed, kragtige prediking en getuienis, en ‘n diepe belewenis van die teenwoordigheid en heiligheid van God. Dit lei tot ‘n diep oortuiging van sonde en bekering, gevolg deur uitbundige vreugde wanneer vrede met God gevind is. Uittreksel: I will pour out my Spirit deur R.E. Davies.

**Onophoudelike Gebed:**

*Here God Almagtig, ek soek u aangesig...*

## Dag 75

**Voorwaardes vir Herlewing: …verootmoedig/berou toon en bid, en MY AANGESIG SOEK… (2 Kron.7:14)**

*"Daarna sal Ek terugkom, en Ek sal die vervalle huis van Dawid weer opbou, en Ek sal sy bouvalle herstel en dit weer regmaak, sodat al die ander mense die Here kan soek, ja, al die heidennasies wat Ek geroep het om my eiendom te wees," sê die Here wat hierdie dinge doen (Hand.15:16-17).* Regverdige Regter, ons bid dat U aan ons guns sal bewys in hierdie tyd. Gee ons guns waar ons probeer om in elke dorp en stad 'n 24/7 huis van gebed te vestig. Ons vra dit, sodat alle mense U sal soek en u Naam sal verheerlik. Stel leiers aan wat voltydse wagters by die huise van gebed in hulle omgewing sal wees. Laat die aanbidding van u kinders dag en nag opstyg, totdat U op die wolke kom

**Stof tot Nadenke…**

Herlewing kan op enige tyd, op enige plek of tot enige mens kom. God stort Homself uit op mense tot eer van sy Naam, wanneer Hy wil en waar Hy wil. Uittreksel: The Ten Greatest Revivals Ever deur Elmer Towns en Douglas Porter.

**Onophoudelike Gebed:**
*Here Jesus, mag alle nasies U soek.*

## Dag 76

**Voorwaardes vir Herlewing: …verootmoedig/berou toon en bid, en MY AANGESIG SOEK… (2 Kron.7:14)**

*Uit een mens het Hy al die nasies gemaak. Hy het hulle gemaak om oor die hele aarde te woon. Hy het bepaal hoe lank hulle sal bestaan en waar hulle sal woon. God het hulle gemaak om Hom te soek, al sou hulle ook moes rondtas om Hom te vind. Hy is nie ver van enigeen van ons nie (Hand.17:26-27).* Wonderlike God, hoe verlang U nie dat die volkere van die aarde U sal aanbid nie! Kom in hierdie dag en tyd opnuut na die wêreld toe, en leer die nasies om na U uit te reik. Wees elke mens genadig en barmhartig. Openbaar Uself aan die nasies op u manier, sodat hulle U sal vind. Maak hulle bewus daarvan hoe naby U is, hoe lieflik U is en hoe lief U die wêreld het.

**Stof tot Nadenke…**

Geen herlewing het ‘n skielike oorsprong nie. Agter die skielike uitstorting van die Gees is ‘n proses wat soms jare geduur het; ‘n reinigende en voorbereidende proses. Uittreksel: Handbook on Revival deur H.E. Schmul.

**Onophoudelike Gebed:**
*O Here Jesus, dat mense in ons land U sal soek en na U sal uitreik!*

## Dag 77

**Voorwaardes vir Herlewing: …verootmoedig/berou toon en bid, en MY AANGESIG SOEK… (2 Kron.7:14)**

*Ek het my wil geopenbaar aan ‘n volk wat nie na My gevra het nie. Ek het my laat vind deur mense wat My nie in die gebed gesoek het nie. Vir ‘n nasie wat My nie aangeroep het nie, het Ek gesê: "Hier is Ek! Hier is Ek!" (Jes.65:1).* Helder Môrester, ons bid hierdie vers in alle erns vir ons land. So baie mense in ons land ken U nie. Kom openbaar Uself selfs aan dié wat nie na U vra nie, sodat hulle wat nie eens na U soek nie, U sal vind. Laat dit met ons ook wees soos met Israel: openbaar Uself aan ‘n nasie wat nie u Naam aanroep nie. Skeur die hemele en gryp ons, sodat ons in suiwer en heilige aanbidding voor U sal staan!

**Stof tot Nadenke…**

Mense wat in herlewing tot bekering kom, ervaar blywende bekering. Dit is oor en oor bevestig dat mense wat ‘n diepgaande oortuiging van hulle sonde in ‘n tyd van herlewing beleef het, vir jare na hulle bekering getrou bly. Hulle het ‘n ewige eerbiedende ontsag vir God en ‘n standhoudende liefde vir Christus. Hulle het ook ‘n dieper begrip van en waardering vir die genade van God. Uittreksel: Revival Fire deur Wesley Deuwel.

**Onophoudelike Gebed:**
*Here Jesus Christus, openbaar Uself aan my.*

**"Die Gees van God** het die spreker gevul met 'n volheid wat uitgestort moes word. Die mense het in absolute stilte vasgenael gestaan. Vyf honderd manne en vroue, van wie sommige uit die ryker dele van die samelewing en ander weer armoedig en bedelaars, is op die plek bekeer, en het van daardie dag af geleef soos mense wat inderdaad 'n nuwe hart en 'n nuwe gees ontvang het. Die herinnering aan daardie dag het nooit gesterf nie en selfs die oorvertel van die gebeurtenis is 'n bron van herlewing." John Shearer – Scotland, 1630.

## Dag 78

**Voorwaardes vir Herlewing: …verootmoedig/berou toon en bid, en MY AANGESIG SOEK… (2 Kron.7:14)**

*…anders sal Ek self teen so iemand optree en hom van sy volksgenote afsny omdat die wyding van 'n kind aan Molek my heiligdom onrein maak en my heilige Naam ontheilig (Lev.20:3).* God van lewe en dood, dit is afgryslik dat ouers in sommige kulture steeds gewillig is om hulle kinders prys te gee, of te verwaarloos, om mag en welvaart te verkry. Ons vra om vergifnis vir die besoedeling van u heiligdom en u heilige Naam. Vergewe ons asseblief dat hierdie praktyke nog toegelaat word. Openbaar Uself aan sulke mense, sodat hulle hulle kan bekeer, en wegdraai van hierdie praktyke.

**Stof tot Nadenke…**

Die prys van heiligheid is afsondering van die wêreld. Uittreksel: Baptise with Fire deur Arthur Skevington Wood.

**Onophoudelike Gebed:**

*Vader, vergewe my as ek u Naam oneer aangedoen het.*

## Dag 79

**Voorwaardes vir Herlewing: …verootmoedig/berou toon en bid, en MY AANGESIG SOEK… (2 Kron.7:14)**

*Enigiemand wat aan my ontrou is deur hulp te soek by geeste of waarsêers, teen hom sal ek optree: Ek sal hom van sy volksgenote afsny (Lev.20:6).* Ons enigste Middelaar, ons bely dat ons – dikwels vir die grap, of selfs uit nuuskierigheid – deelgeneem het aan pogings om kontak te maak met dooies. Ons bely dat ons gefassineerd is met hierdie dinge, terwyl ons weet dat dit 'n gruwel in U oë is. Vergewe ons asseblief en wees ons getroue Vader. Neem hierdie verkeerde dinge uit ons harte weg, en fokus ons belangstelling op die dinge van die Koninkryk.

**Stof tot Nadenke…**

Alternatiewe vir herlewing: 1. Skuil agter die front van opwinding en aktiwiteit, terwyl die gemeente brandend gehou word op beloftes en voorwendsels. 2. Koop of bou 'n imposante gebou. 3. Verdiep jouself in die maatskaplike behoeftes van die gemeenskap.

4. Betree die wêreld van bemarking en bestuur. Uittreksel: Revival, a people saturated with God deur Brian H. Edwards.

**Onophoudelike Gebed:**

*Vader in die hemel, wees ons genadig.*

## Dag 80

**Voorwaardes vir Herlewing: …verootmoedig/berou toon en bid, en MY AANGESIG SOEK… (2 Kron.7:14)**

*Moses was 'n uiters sagmoedige man, meer as enigiemand anders op die aarde…Met hom praat Ek direk en persoonlik, nie in raaisels nie. Hy sien selfs die gestalte van die Here (Num.12:3,7-8).* Soewereine Here, ons begeer, meer as enigiets anders, om soos Moses u gestalte te kan sien. U Woord sê: Geseënd is dié wat rein van hart is, want hulle sal God sien (Matt.5:8). Ongelukkig het ons min begrip wat dit beteken om nederig te wees en is ons vol van onsself. Reinig ons harte, o Here, sodat ons ook soos Moses geestelik op U ingestel kan wees.

**Stof tot Nadenke…**

My een doel in die lewe is om persoonlike heiligheid te verkry, want daarsonder kan ek nie ander aanspoor om heilig te leef nie. – John Wesley.

**Onophoudelike Gebed:**

*Here God, ek verneder myself voor U.*

## Dag 81

**Voorwaardes vir Herlewing: …verootmoedig/berou toon en bid, en MY AANGESIG SOEK… (2 Kron.7:14)**

*…laat dié wat die teenwoordigheid van die Here soek, bly wees. Soek hulp en beskerming by die Here, soek gedurig sy teenwoordigheid (Ps.105:3-4).* Allerhoogste Hemelvader, ons erken dat dit dikwels lyk asof ons Christene nie vreugde daarin vind om U te dien nie! Dit lyk asof dit 'n swaar las vir ons is om U te dien. Vergewe ons asseblief. Ons verklaar dat u juk sag en u las lig is (Matt.11:30). Vervul ons weer met vreugde in ons harte en laat ons u teenwoordigheid elke dag in ons lewens soek.

**Stof tot Nadenke…**

Prediking tydens herlewing is nie altyd innemend, beskaafd, of selfs welsprekend nie, maar dit is altyd kragtig. Uittreksel: Revival, a people saturated with God deur Brian H. Edwards.

**Onophoudelike Gebed:**

*My Here, ek soek u aangesig.*

## Dag 82

**Voorwaardes vir Herlewing: …verootmoedig/berou toon en bid, en MY AANGESIG**

**SOEK… (2 Kron.7:14)**
*Ek het hulle verwerp oor hulle onreinheid en hulle opstandigheid (Eseg.39:24).* Heilige God, ons erken dat as U ons sou straf volgens ons oortredings, ons nooit die ewige lewe sou verkry nie! Help ons om al die sonde in ons lewens raak te sien en om elke sonde afsonderlik voor U te bely, sodat ons kan ophou sonde doen. Wees ons genadig, o Here, en verberg nie u aangesig nie!
**Stof tot Nadenke…**
Die rede hoekom daar deesdae so min bekering in ons gemeentes is, is nie net omdat ons preke nie teen sonde gerig is nie, maar omdat ons God nie onder ons beleef nie. Uittreksel: Revival, a people saturated with God deur Brian H. Edwards.
**Onophoudelike Gebed:**
*Vader, moenie u gesig vir my verberg nie!*

## Dag 83

**Voorwaardes vir Herlewing: …verootmoedig/berou toon en bid, en MY AANGESIG SOEK… (2 Kron.7:14)**
*"Ek sal hulle nooit weer verwerp nie; Ek het my Gees uitgestort op Israel," sê die Here my God (Eseg.39:29).* Soewereine Here, ons bid nie net vir onsself om U wil te doen nie. Ons bring ook Israel voor U. Ons vra dat U u Gees oor die hele volk sal uitstort, en hulle hulle tot U sal bekeer en na U wil sal vra. Raak hulle harte aan en openbaar Uself op 'n besondere manier aan hulle.
**Stof tot Nadenke…**
‘n Heilige prediker is ‘n skrikwekkende wapen in die hande van God. – Robert Murray McCheyne.
**Onophoudelike Gebed:**
*Vader God, stort weer u Gees opnuut oor ons uit.*

## Dag 84

**Voorwaardes vir Herlewing: …verootmoedig/berou toon en bid, en MY AANGESIG SOEK… (2 Kron.7:14)**
*Nee, beywer julle allereers vir die koninkryk van God en vir die wil van God, dan sal Hy julle ook al hierdie dinge gee (Matt.6:33).* Yahwe Yireh (Here, ons Voorsiener), ons erken dat wanneer ons na u wil soek, ons dit dikwels baie ernstig doen, maar tot ons eie voordeel. Selfs in ‘n bediening wil ons gewoonlik hê dat U alles op ons manier moet doen, en selfs dat U met ons moet saamwerk ter wille van u Naam! Vergewe ons ons selfgesentreerdheid! Leer ons wat dit beteken om eers u koninkryk en u wil te soek, voordat ons vir onsself begin bid.

**Stof tot Nadenke…**
As jy ‘n kerkleier is, weet dan dat God jou verantwoordelik gaan hou vir die geestelike toestand van jou kerk. Uittreksel: Revival, God’s way deur Leonard Ravenhill.

**Onophoudelike Gebed:**

*Here Jesus Christus, help my om u koninkryk te soek en nie my eie nie.*

**"Dit het vir my gelyk** asof die profesie uit Sagaria 12:10-12 in vervulling gegaan het, want daar was nou 'n groot rouklaag, soos die 'getreur oor Hadad-Rimmon', en dit het gelyk asof elkeen 'afsonderlik treur'. Ek het gedink dat dit baie soortgelyk is aan hoe dit sal wees op die dag van God se krag, soos genoem in Josua 10:14. Dwarsoor die plek van samekoms en die omliggende gebied, was mense neergebuig in gebed en het hulle na God geroep: 'Wees my genadig en help my om my hart vir U te gee!' Hulle besorgdheid was so groot dat hulle hardop hulle sondes bely het, waarskynlik onbewus van die ander langs hulle. Dit was 'n dag waarin ek oortuig is dat God die koninkryk van duisternis onder hierdie mense vernietig het." David Brianerd, Crossweeksung Indian Revival, 1745.

## Dag 85

**Voorwaardes vir Herlewing: …verootmoedig/berou toon en bid, en MY AANGESIG SOEK… (2 Kron.7:14)**

*Vra, en vir julle sal gegee word; soek en julle sal kry; klop, en vir julle sal oopgemaak word (Matt.7:7).* God wat ons gebede verhoor, ons vra dat U vandag u wil aan ons bekend sal maak. As ons klop om met U te praat, laat die deur oopgaan en verhoor ons gebede. Moenie langer wag nie, vervul asseblief ons hartsbegeerte en openbaar Uself aan ons volk.

**Stof tot Nadenke…**

Die begin van herlewing is om 'n gebroke wil te hê. Dit is 'n pynlike ding. Dit maak ons nederig. Uittreksel: The Way of the Cross deur Roy Hession.

**Onophoudelike Gebed:**

*O God, maak vir my die deur oop...*

## Dag 86

**Voorwaardes vir Herlewing: …verootmoedig/berou toon en bid, en MY AANGESIG SOEK… (2 Kron.7:14)**

*So sê die Here vir Israel: "Vra my my wil, dan sal julle lewe! Moenie in Bet-El gaan raad soek nie, moenie na Gilgal toe gaan of verbygaan Berseba toe nie. Gilgal sal in ballingskap weggevoer word, en Bet-El sal tot niet gaan" (Am.5:4-5).* Ons vaste Fondament, ons erken dat ons dikwels na dinge soek wat oënskynlik vir ons uitkoms, vryheid, voorspoed en hoop kan bring. Ons dink so maklik dat 'n vaste werk of verdere kwalifikasies vir ons hoop kan bring in ons daaglikse stryd. Vergewe ons, want ons is kortsigtig. Versterk ons en skenk ons wysheid en kennis om net na U te soek, want U is ons enigste sekuriteit.

**Stof tot Nadenke…**

"Soos wat goud in die vuur gelouter word, so moet die hart getoets word deur pyn." – Oswald Chambers.

**Onophoudelike Gebed:**

*Here Jesus Christus, U is die Weg, die Waarheid en die Lewe.*

## Dag 87

**Voorwaardes vir Herlewing: …verootmoedig/berou toon en bid, en MY AANGESIG SOEK… (2 Kron.7:14)**

*…totdat hulle hulle skuld bely en vra na my wil. In hulle nood sal hulle my hulp kom vra (Hos.5:15).* Here ons Helper, omstandighede in ons land getuig teen ons, want ons regeer en administreer die land nie volgens u beginsels nie. In ons ellende soek ons ernstig na u wil. Ons smeek U om ons te verlos van die duisternis. Laat u aangesig oor ons skyn.

**Stof tot Nadenke…**

Hoe dikwels moet ek bid? So dikwels as wat die taal van gebed in my hart opkom; so dikwels as wat ek behoefte het aan hulp; so dikwels as wat ek die mag van versoeking ervaar; so dikwels as wat ek bewus word van my geestelike verval, of die aggressie van 'n wêreldse gees ervaar. – Talbot W. Chambers.

**Onophoudelike Gebed:**

*Here God, maak my desperaat om U te vind!*

## Dag 88

**Voorwaardes vir Herlewing: …verootmoedig/berou toon en bid, en MY AANGESIG SOEK… (2 Kron.7:14)**

*Net een ding het ek van die Here gevra en dit sal ek najaag: dat ek my hele lewe lank in sy huis mag woon om sy goedheid te belewe en daaroor na te dink in sy tempel (Ps.27:4).* Goddelike Majesteit, my hoogste begeerte is om ook 'n openbaring te ontvang van U, van die skoonheid van u heiligheid en die Goddelike glans van u teenwoordigheid. In die lig van u majesteit beskou ek niks anders meer as waardevol nie. Een ding vra ek, en dit is wat ek soek, dat ek al die dae van my lewe in u teenwoordigheid mag lewe.

**Stof tot Nadenke…**

Wegdwaling van God is 'n proses: 1. Die hart hou op om God ten volle lief te hê. 2. Die wil verkies nie meer om God te gehoorsaam nie. 3. Die lewe word weggelok na plaasvervangers vir God se teenwoordigheid, sy doel en sy manier. Mense kan plaasvervangers vir God word. 'n Seksuele verhouding kan 'n plaasvervanger word vir 'n liefdesverhouding met God. Maar niks kan die geestelike dors na Lewende Water les nie, behalwe Jesus. Uittreksel: Fresh Encounter deur Henry Blackaby en Claude V. King.

**Onophoudelike Gebed:**

*Ek vra net een ding, Here Jesus: Dat ek U mag sien.*

## Dag 89

**Voorwaardes vir Herlewing: …verootmoedig/berou toon en bid, en MY AANGESIG SOEK… (2 Kron.7:14)**

*Van U sê my hart: Soek my aangesig! Ek soek u aangesig, O HERE! Verberg u aangesig nie vir my nie, wys u kneg nie af in toorn nie: U was my hulp! Verstoot en verlaat my nie, o God van my heil! (Ps.27:8-9).* El Shaddai (almagtige, algenoegsame God), met hart en siel verlang ons daarna om u wil te ken. Ons kan nie langer verdra om sonder U te leef nie. Moet u teenwoordigheid tog nie van ons weerhou nie, en wees altyd naby ons.

**Stof tot Nadenke…**

Daar is sekere seisoene wat herlewings genoem word, waartydens God 'sy Gees op mense uitgestort het'. Hierdie tye, ook genoem 'ontwakings' gebeur wanneer die teenwoordigheid van God ervaar word met magtige openbaarmakings van die Heilige Gees. – J. Edwin Orr.

**Onophoudelike Gebed:**

*My hart sê: "Ek soek u aangesig, O Here Jesus!"*

## Dag 90

**Voorwaardes vir Herlewing: …verootmoedig/berou toon en bid, en MY AANGESIG SOEK… (2 Kron.7:14)**

*Die Here sal julle seën en julle beskerm; die Here sal tot julle redding verskyn en julle genadig wees; die Here sal julle gebede verhoor en aan julle vrede gee! (Num.6:24-26).* Getroue God, U het ons gebed gehoor, U het aan ons guns bewys. Ons bid dat U tot ons redding sal verskyn en ons genadig sal wees. Hoor ons gebed en gee ons vrede in ons harte met U, met ons naaste en in ons land.

**Stof tot Nadenke…**

'n Evangeliese herlewing is 'n buitengewone werk van God waartydens Christene intens bewus word van Sy teenwoordigheid, hulle bekeer van hulle sonde en in hernude gehoorsaamheid aan die wil van God, wat hulle nou ken, hulle opnuut aan Hom toewy. Die vrug van die toewyding is 'n verdieping in hulle persoonlike en gesamentlike ervaring van God en 'n toenemende besorgdheid om andere ook vir Christus te wen. Uittreksel: The Ten Greatest Revivals Ever deur Elmer Towns en Douglas Porter.

**Onophoudelike Gebed:**

*Vader God, gee my vandag guns...*

## Dag 91

**Voorwaardes vir Herlewing: …verootmoedig/berou toon en bid, en MY AANGESIG SOEK… (2 Kron.7:14)**

*O God, U is my God, U soek ek; my siel dors na U, my vlees smag na U (Ps 63:2 –OV).* My God, my hart is verander, my gedagtes vernuwe. Ek begeer niks meer as om na u wil te

vra nie – dag en nag. Elke keer wat ek asemhaal, elke oomblik wat ek wakker is, doen met my soos u wil. U is al wat ek wil hê, en al wat ek nodig het. Ek gee myself nou opnuut aan U.

**Stof tot Nadenke…**

Tydens 'n herlewing is die besef van God se teenwoordigheid oral. Die atmosfeer is deurtrek daarvan, of beter gestel, die atmosfeer word geskep deur God se teenwoordigheid. Dit maak nie saak waar 'n mens gaan nie, die bewussyn van die werklikheid en nabyheid van God volg jou. Die eienaardige resultaat was dat waar mense ookal vergader het, daar was dit 'n plek van ontsag. Plekke van vermaaklikheid en kroeë was feitlik leeg. Uittreksel: Handbook on Revival deur H.E. Schmul.

**Onophoudelike Gebed:**

*Here Jesus Christus, my siel dors na U!*

**Kerke in Jamaika** het begin om te bid vir 'n soortgelyke uitstorting van die Heilige Gees. Soos wat mense gebid het, het hulle verwagting vir 'n naderende herlewing toegeneem. Teen 1869 het meeste Christene geglo dat God vir hulle herlewing sou stuur voor die einde van die jaar, maar niemand het die felheid waarmee die strome van seën uitgestort is, verwag nie. Hierdie herlewing het kroeë en dobbelhuise laat sluit, lank geskeide mans en vrouens met mekaar laat versoen, verlore kinders huis toe laat terugkeer, elke plek van aanbidding tot oorlopens toe volgemaak, die ywer van leraars aangevuur, die kerke gereinig, en baie sondaars tot bekering gebring. Dit het ook diegene wat nie hulleself voor God wou verneder nie, woedend gemaak. Die volk wat onlangs uit slawerny bevry is, het hulle ware vryheid in Christus besef en meeste het gekies om nooit weer terug te keer na die slawerny van sonde waaruit Christus hulle vrygemaak het nie. – Jamaican Revival, 1860.

## Dag 92

**Voorwaardes vir Herlewing: …verootmoedig/berou toon, en bid, en my aangesig soek, en TERUGDRAAI VAN VERKEERDE WEË… (2 Kron. 7:14)**

*Waarom moet die Egiptenaars kan sê: "Hy (God) het die Israeliete bevry met die bose plan om hulle tussen die berge dood te maak en hulle heeltemal te vernietig"? Laat u toorn bedaar en wees u volk genadig (Eks.32:12).* Genadige Here, so baie mense het getuienisse gehoor van hoe U in die verlede ingegryp het. Tog leef ons steeds nie rein en heilig in alles wat ons doen nie. Vergewe ons en wees ons genadig. Help ons om ons voor U te verootmoedig en moet ons nie straf nie. Skenk ons u genade sodat ons nie omkom nie.

**Stof tot Nadenke…**

Gebed is nie die enigste sleutel tot herlewing nie. Verootmoediging alleen is nie genoeg nie. Die soeke na God se wil is nie genoeg nie. Al bogenoemde is belangrik, maar berou wat veroorsaak dat ons terugdraai van ons verkeerde weë, is die eintlike vereiste. Geen herlewing kan plaasvind sonder berou en terugdraai van verkeerde weë nie. Ons moet

eenvoudig terugdraai na God toe. Uittreksel: Fresh Encounter deur Henry Blackaby en Claude V. King.

**Onophoudelike Gebed:**

*O Vader, vergewe ons ons sonde want dit is groot…*

## Dag 93

**Voorwaardes vir Herlewing: …verootmoedig/berou toon en bid, en my aangesig soek, en TERUGDRAAI VAN VERKEERDE WEË… (2 Kron. 7:14)**

*…die seën sal kom as julle die gebooie van die Here julle God gehoorsaam…die straf sal kom as julle ongehoorsaam is aan die gebooie van die Here julle God en die pad verlaat wat ek julle vandag aangewys het en ander gode aanhang… (Deut.11:27-28).* Adonai (my Here en Regeerder), ons bely dat ons afgewyk het van u gebooie en op verskillende maniere ander gode nagevolg het. Ons het mekaar nie lief soos U ons liefgehad het nie, en ons plaas ons vertroue en hoop op Mammon. Ons wil voordeel trek uit geldskemas en die nasionale lotery. Vergeef ons ons sonde, want ons besef nie wat ons doen as ons hierdie dinge doen en u gebooie verontagsaam nie. Help ons om terug te draai na U toe.

**Stof tot Nadenke…**

Die wêreld het die vermoë verloor om oor sonde te bloos; die Kerk het haar vermoë verloor om daaroor te huil. Uittreksel: Revival prayer deur Leonard Ravenhill.

**Onophoudelike Gebed:**

*Vader, vergewe my my ongehoorsaamheid...*

## Dag 94

**Voorwaardes vir Herlewing: …verootmoedig/berou toon en bid, en my aangesig soek, en TERUGDRAAI VAN VERKEERDE WEË… (2 Kron. 7:14)**

*…sy lewe lank moet hy (die koning) dit gereeld lees sodat hy kan leer…deur gehoorsaam te wees aan alles in hierdie wet en om volgens al hierdie voorskrifte te lewe. Dan sal hy hom nie bo sy volksgenote verhef en 'n haarbreedte afwyk van hierdie gebod nie. As hy gehoorsaam is, sal hy lank lewe in sy koninkryk, hy en sy seuns tussen sy volk Israel (Deut.17:19-20).* Regverdige Here, ons bely dat ons land wetteloos en moeilik om te regeer, geword het. Die polisie is nie meer altyd betroubaar nie, want sommige van hulle word dikwels saam met ander boosdoeners in hegtenis geneem weens hulle aandeel in misdaad. Ons het nie u voorskrifte stiptelik nagekom nie. Dikwels dink ons ons is beter as ander mense rondom ons, veral op die manier waarop ons gesag uitoefen. Vergewe ons, help ons om na U terug te keer en u bevele te onderhou.

**Stof tot Nadenke…**

Een uitwerking van herlewing is dat sondaars dadelik ophou met hulle sondige praktyke. – Jonathan Edwards.

**Onophoudelike Gebed:**

*Vader, vergewe my dat ek dink dat ek beter is as my broers en susters.*

## Dag 95

**Voorwaardes vir Herlewing: …verootmoedig/berou toon en bid, en my aangesig soek, en TERUGDRAAI VAN VERKEERDE WEË… (2 Kron. 7:14)**

*Dit sou vir hulle beter gewees het as hulle die wil van God nie leer ken het nie as dat hulle dit wel leer ken het en daarna afgewyk het van die heilige gebod wat aan hulle oorgedra is (2 Pet.2:21*). Genadige Vader, ons erken dat ons weet wat reg en verkeerd is, want baie van ons het in Christelike huise grootgeword, maar steeds draai ons ons rug op u Woord, omdat die wêreld ons oë verblind met sy eie stel waardes. Vergewe ons asseblief en wees ons genadig. Ons vra dat U ons sal help terugkeer na u bevele.

**Stof tot Nadenke…**

Diegene wat weet dat hulle in die teenwoordigheid van 'n heilige God is, is altyd bewus van persoonlike sonde. Uittreksel: Revival a people saturated with God deur Brian H. Edwards.

**Onophoudelike Gebed:**

*Vader, mag ek nooit my rug op U keer nie!*

## Dag 96

**Voorwaardes vir Herlewing: …verootmoedig/berou toon en bid, en my aangesig soek, en TERUGDRAAI VAN VERKEERDE WEË… (2 Kron. 7:14)**

*As iemand die lewe liefhet en 'n lang lewe begeer om die goeie te geniet, moet hy sy tong weerhou van kwaadpraat en sy lippe van leuens. Bly weg van die kwaad af en doen wat goed is, soek vrede en jaag dit na (1 Pet.3:10-11).* Here vol ontferming, ons erken dat dit vir ons lekker is om te skinder. Baie keer praat ons sleg van 'n persoon en tas ons sy integriteit aan. Vergewe ons asseblief hiervoor, en help ons om nooit kwaad te praat van ander mense nie.

**Stof tot Nadenke…**

O God, gee vir my 'n diepe nederigheid, 'n goed-geplaasde ywer, 'n brandende liefde en 'n gefokusde uitkyk, en laat mense en duiwels dan maar hulle ergste bring. – George Whitefield.

**Onophoudelike Gebed:**

*Vader, vergewe my vir my onrein lippe.*

## Dag 97

**Voorwaardes vir Herlewing: …verootmoedig/berou toon en bid, en my aangesig soek, en TERUGDRAAI VAN VERKEERDE WEË… (2 Kron. 7:14)**

*Hulle sal die waarheid nie wil hoor nie en hulle tot verdigsels wend. Maar bly jy in alle omstandighede nugter, verdra lyding, doen jou werk as verkondiger van die evangelie, voer al die pligte van jou bediening uit (2 Tim.4:4-5).* Liefdevolle Vader, ons bely dat ons maklik die prooi word van mitologiese verhale, en verhale oor bonatuurlike magte wat op TV aangebied word. Ons raak behep met hierdie verskynsels, en begin dan te wonder

hoe dit sou wees om oor daardie mag te beskik. Vergewe ons asseblief, want ons vergeet van U en het nie 'n opregte begeerte om U as ons Skepper beter te leer ken nie! Help ons om nugter te bly en die evangelie elke dag aan ander mense uit te dra.

**Stof tot Nadenke…**

Enigiets wat God bedroef sal ons pogings om te soek na herlewing in die wiele ry. Uittreksel: Revival Fire deur Wesley Deuwel.

**Onophoudelike Gebed:**

*Vader, vergewe my waar ek van die waarheid afgedwaal het..*

## Dag 98

**Voorwaardes vir Herlewing: …verootmoedig/berou toon en bid, en my aangesig soek, en TERUGDRAAI VAN VERKEERDE WEË… (2 Kron. 7:14)**

*Nogtans, die hegte fondament wat God gelê het, staan vas met die woorde daarop gegraveer: ''Die Here ken dié wat aan Hom behoort," en, ''Elkeen wat sê dat hy aan die Here behoort, moet wegbreek van die ongeregtigheid" (2 Tim.2:19).* Soewereine Here, ons bely dat ons steeds wêreldse dinge verdra en lees, en daarna kyk en luister, terwyl dit openlike onsedelikheid bevat - en dit terwyl ons voorgee om U kinders te wees! Vergewe ons asseblief en verlos ons, sodat ons kan wegdraai van hierdie verkeerde dinge. Laat ons rein wees om U alleen te dien.

**Stof tot Nadenke…**

Wanneer God kom in herlewing, dan kom Hy as 'n verterende vuur. Wanneer Hy as 'n verterende vuur te midde van sy mense kom, kan herlewing vir baie mense en kerke baie pynlik wees. Uittreksel: Fresh Encounter deur Henry Blackaby en Claude V. King.

**Onophoudelike Gebed:**

*Heilige Gees, help my om terug te draai van my verkeerde weë.*

**Die diepe herlewing** van die leierskap in die Koreaanse Kerk het dadelik 'n impak gehad op beide die kerke en die gemeenskappe wat die kerke probeer bereik het. Soos wat die kerke herleef het, is hulle beetgepak met 'n brandende begeerte om die verlorenes in hulle gemeenskap te bereik. Herleefde kerke het orals begin sien hoedat 'dronkaards, dobbelaars, egbrekers, moordenaars, diewe, selfbehaaglikes, Confusianiste en ander' verander in nuwe skepsels in Christus. – Korean Revival, 1907.

## Day 99

**Voorwaardes vir Herlewing: …verootmoedig/berou toon en bid, en my aangesig soek, en TERUGDRAAI VAN HULLE VERKEERDE WEË… (2 Kron. 7:14)**

*Vermy die onheilige en sinlose praatjies en die redenasies van die "kennis," soos dit verkeerdelik genoem word. Daar is mense wat daardie "kennis" aanhang en so van die geloof afgedwaal het (1 Tim.6:20-21).* Regverdige Vader, ons bely dat ons maklik

betrokke raak by goddelose praatjies, en na dinge luister wat nie tot eer van u Naam is nie. Vergewe ons asseblief. Maak ons oë oop om die waarheid te sien, en lei ons om van ons verkeerde weë weg te draai.

**Stof tot Nadenke…**

Die vuur van God se oordeel kan 'n sondaar vernietig. Maar God se heilige vuur verteer die sonde wanneer sondaars hulle bekeer en hulle aan God se genade oorgee. Uittreksel: Revival Fire deur Wesley Deuwel.

**Onophoudelike Gebed:**

*Vader, vergewe my dat ek aan sinlose praatjies deelneem.*

## Dag 100

**Voorwaardes vir Herlewing: …verootmoedig/berou toon en bid, en my aangesig soek, en TERUGDRAAI VAN VERKEERDE WEË… (2 Kron. 7:14)**

*…sodat hulle nie met hulle oë kan sien en met hulle ore kan hoor en met hulle verstand verstaan en hulle bekeer en Ek hulle gesond maak nie (Hand.28:27).* Almagtige Here, maak asseblief ons geestesoë en –ore oop, sodat ons beter kan verstaan wat u wil is in ons lewe. Raak ons harte aan en help ons om weg te draai van die sonde, sodat U ons gebrokenheid kan herstel.

**Stof tot Nadenke…**

Veelvuldige offers behaag God nie, tensy daar 'n ware versaking van sonde is. Uittreksel: Baptise with Fire deur Arthur Skevington Wood.

**Onophoudelike Gebed:**

*Vader God, ons het u genesing nodig. Help ons om terug te draai na U toe.*

## Dag 101

**Voorwaardes vir Herlewing: …verootmoedig/berou toon en bid, en my aangesig soek, en TERUGDRAAI VAN VERKEERDE WEË… (2 Kron. 7:14)**

*…Ek het…vir die heidennasies gepreek dat hulle tot inkeer moet kom en hulle tot God moet bekeer; en dit moet hulle bewys met dade wat by die bekering pas (Hand.26:20).* Koning van die konings, ons bely dat ons dikwels vergifnis van sonde vra, net om van 'n skuldgevoel ontslae te raak. Boonop toon ons dan ook min dankbaarheid teenoor U, wat ons vrygemaak het. Vergewe ons asseblief. Versterk ons en gee ons moed om mense te vertel wie U is en hoe hulle hulle kan bekeer terwyl daar nog tyd is.

**Stof tot Nadenke…**

Die verlorenes kan nooit gewen word met afstandsbeheer nie. Die Kerk moet uitgaan en hulle gaan haal. Uittreksel: Baptise with Fire deur Arthur Skevington Wood.

**Onophoudelike Gebed:**

*Vader, vergewe my vir die gebrek aan dade wat by my bekering pas...*

## Dag 102

**Voorwaardes vir Herlewing: …verootmoedig/berou toon en bid, en my aangesig soek, en TERUGDRAAI VAN VERKEERDE WEË… (2 Kron. 7:14)**

*Ek het sowel die Jode as die Grieke ernstig vermaan om hulle tot God te bekeer en in ons Here Jesus te glo (Hand. 20:21).* Here, God van Israel, ons bely dat ons nie altyd persoonlik, en met selfverloëning, betrokke is by aksies om u Naam aan ander nasies uit te dra nie. Vergewe ons asseblief. Raak ons aan sodat ons die moed van ons oortuiging sal hê om betrokke te raak by sendingwerk in ons gemeente en omgewing, en ook in ander lande op 'n praktiese vlak, sodat ander kan weet dat hulle in Jesus Christus kan glo en in berou na U kan kom.

**Stof tot Nadenke…**

Herlewing is ‘n woord vir die Kerk. Dit het te doen met God se mense. Die wêreld kan nie herleef nie, want die wêreld is dood in oortredings en sonde. Herlewing kan net kom waar daar lewe was. Uittreksel: Revival, a people saturated with God deur Brian H. Edwards.

**Onophoudelike Gebed:**

*Vader, gee ons goddelike berou sodat ons na U kan draai.*

## Dag 103

**Voorwaardes vir Herlewing: …verootmoedig/berou toon en bid, en my aangesig soek, en TERUGDRAAI VAN VERKEERDE WEË… (2 Kron. 7:14)**

*Ons bring vir hulle die goeie boodskap dat julle hierdie sinnelose gode moet laat staan en julle tot die lewende God bekeer. Dit is hy wat die hemel en die aarde en die see en alles wat daar is, gemaak het (Hand.14:15).* Bewaker van ons lewens, wys vir ons waar ons by waardelose dinge betrokke is. Maak ons vry van die wêreldse dinge wat ons harte, gedagtes en tyd in beslag neem. Ons wil hiervan wegkom en U dien met alles wat in ons is.

**Stof tot Nadenke…**

Baie mense is *stel belang* in herlewing. ‘n Mindere groep is *besorgd* oor herlewing. ‘n Klein groepie *dra ‘n las* vir herlewing. Enkeles is *gebroke* oor daar nie herlewing is nie. Tog, geestelike herlewing is nie ‘n alternatief vir die kerk nie, dit is ‘n dringende noodsaaklikheid. Uittreksel: Revival, God’s way deur Leonard Ravenhill.

**Onophoudelike Gebed:**

*Heilige Gees, watter waardelose goed is daar in my lewe?*

## Dag 104

**Voorwaardes vir Herlewing: …verootmoedig/berou toon en bid, en my aangesig soek, en TERUGDRAAI VAN VERKEERDE WEË… (2 Kron. 7:14)**

*Daarom, bekeer julle en kom tot inkeer, dan sal God julle sonde uitwis en dan sal daar tye van verkwikking van die Here af kom…(Hand.3:19,20).* Bron van lewe, hoe verlang

ons na tye van verkwikking in ons lewe! Ons kies vandag om ons oop te stel vir die oortuiging van U Heilige Gees, dat ons ons sonde kan bely en na U toe kom, dat ons sonde uitgewis kan word en ons vernuwe kan word deur u Heilige Gees.

**Stof tot Nadenke…**

Die uitstaande kenmerk van herlewing is die daarstelling van 'n nuwe standaard vir heiligheid. Uittreksel: Quest for the Highest deur J.E. Church.

**Onophoudelike Gebed:**

*Here Jesus Christus, wis my sonde uit met u bloed.*

## Dag 105

**Voorwaardes vir Herlewing: …verootmoedig/berou toon en bid, en my aangesig soek, en TERUGDRAAI VAN VERKEERDE WEË… (2 Kron. 7:14)**

*In daardie tyd sal baie mense van die geloof afvallig word, en hulle sal mekaar verraai en mekaar haat. Daar sal baie vals profete kom, en hulle sal baie mense mislei (Matt.24:10).* Ons Hoeksteen van geloof, ons leef in 'n tyd waar baie mense afwyk van die geloof in Jesus Christus en die waarheid van die Bybel. Mense bedrieg en haat mekaar en baie van hulle glo in valse openbarings wat hulle sou ontvang het. Wees ons genadig, Here! Leer ons om te onderskei tussen reg en verkeerd, en hou ons op u pad sodat ons geregtigheid en genade kan betoon en die bose kan haat.

**Stof tot Nadenke…**

Die bewys van 'n ware geestelike herlewing is wanneer God se mense aangeraak word om vurig te bid vir die vervalle toestand van die kerk, en vir die onbekeerde wêreld; wanneer kragtige predikers van die evangelie deur God opgerig word om die evangelie met bonatuurlike geestelike krag te verkondig; wanneer die kerk 'n diepe oortuiging het van sonde in die teenwoordigheid van 'n heilige God; wanneer individue en kerke hulself bekeer van spesifieke sondes; wanneer 'n nuwe besef van vreugde deur die kerk spoel en die evangelie en dinge van God 'n werklikheid word; wanneer die Christelike kerk 'n merkbare invloed het op die samelewing; en wanneer God sigbaar op bonatuurlike maniere werk. – Tony Lambert.

**Onophoudelike Gebed:**

*Heilige Gees, wys my op enige misleiding in my lewe.*

**Statistieke beweer dat** 100 000 mense in Oos Timor vanaf 1965 tot 1972 uit animisme tot Christus bekeer is. In een verslag wat dateer uit 8 Februarie 1967, rapporteer ene M.F.J. Selan dat 12 725 mense afstand gedoen het van hulle afgode en toorgoed. 6 210 het fisiese genesing ontvang, 29 457 het hulle sondes bely, 387 gesinne het lidmate van die kerk geword en 3 435 ander individue het ook by die kerk aangesluit. – Indonesiese Herlewing.

## Dag 106

**Voorwaardes vir Herlewing: …verootmoedig/berou toon en bid, en my aangesig soek, en TERUGDRAAI VAN VERKEERDE WEË… (2 Kron. 7:14)**

*Moenie soos julle voorvaders wees nie. Die profete van vroeër het hulle aangespreek en gesê: "So sê die Here die Almagtige: Bekeer julle van julle slegte lewe en julle slegte dade!" (Sag.1:4).* God van al die eeue, ons bely dat ons aanhou om dinge te doen wat nie tot U eer is nie. Ons sluit saketransaksies vir eie gewin, en belowe selfs om iets vir die kerk te gee as die transaksie slaag! Verander ons harte, o Here: plaas in ons harte 'n passie om te bid en te werk vir die redding van die nasies.

**Stof tot Nadenke…**

Wanneer ons bid, verlaat ons die tydelike en gaan in die ewigheid in om besigheid te doen. Ons verlaat omgang met mense om omgang met God te hê.
– Die New York Stad se middaguur gebedsbyeenkoms.

**Onophoudelike Gebed:**

*Vader, vergewe my vir my bose selfsug.*

## Dag 107

**Voorwaardes vir Herlewing: …verootmoedig/berou toon en bid, en my aangesig soek, en TERUGDRAAI VAN VERKEERDE WEË… (2 Kron. 7:14)**

*Skeur julle harte, nie julle klere nie. Kom terug na My toe; vas, huil en treur! Hy is genadig en barmhartig; Hy is lankmoedig en vol liefde. Hy is bereid om straf te herroep (Joël.2:13).* Vandag wil ons ons harte skeur en na U terugkeer, Here ons God. Laat u genade en liefde op ons reën. Skenk u oorvloedige liefde aan ons land. Ons bid dat U ons sal seën. Dankie vir die kruis van Golgota.

**Stof tot Nadenke…**

Bekering vereis dat ‘n mens terugdraai van sonde af. Dit vereis ‘n verandering in ons leefstyl. Te veel kere probeer ons so na as moontlik aan die wêreld leef sonder om te sondig. Ons flikvlooi met versoekings wanneer ons daarvan moet wegvlug. Bekering vereis ‘n radikale wegbreek van sonde. Jy moet ontslae raak van elke afgod in jou hart, elke bose vesting afbreek en jouself uit situasies verwyder waar jy versoek word. Dit vereis ‘n verandering in jou wil. As jy begeer om God se wil te doen, dan sal God jou daartoe instaat stel. As jy eers toegelaat het dat God se wil jou wil verander, dan moet jy voortgaan en Hom toelaat om ook jou optrede te verander. As jy begin om te leef soos God dit wil, dan het jy jou bekeer. Uittreksel: I will pour out My Spirit deur R.E. Davies.

**Onophoudelike Gebed:**

*Heilige Gees, help my om my hart te skeur!*

## Dag 108

**Voorwaardes vir Herlewing: …verootmoedig/berou toon en bid, en my aangesig soek, en TERUGDRAAI VAN VERKEERDE WEË… (2 Kron. 7:14)**

*…hulle…kerm ter wille van koring en wyn. Hulle verset hulle teen My (Hos.7:14).* O Here, U wat onverdeelde trou eis, ons bely dat ons daarvan hou om met mense te gesels en te kuier, maar wanneer ons moet kerk toe gaan, bidure bywoon of huisgodsdiens hou, dink ons gou aan ander dinge wat vir ons belangriker lyk. Wees ons genadig! Skep vir ons 'n rein hart en vernuwe ons gees, sodat ons elke dag u teenwoordigheid meer en meer sal soek.

**Stof tot Nadenke…**

Goforth het niemand ooit gevra om in die openbaar sonde te bely nie, tog was openbare sondebelydenis algemeen in die Mantsjoerynse Herlewing. Hy het eenvoudig aan die einde van sy boodskap gesê: "Daar is nou geleentheid vir diegene wat wil bid." In baie gevalle het openbare belydenis van sonde op hierdie uitnodiging gevolg. As gevolg van hierdie belydenisse het die herlewing 'n diepe en blywende verandering gemaak op die lewens van diegene wat daardeur geraak is. – Mantsjoerynse Herlewing, 1908.

**Onophoudelike Gebed:**

*Vader, gee my 'n reikhalsende verlange na U alleen!*

## Dag 109

**Voorwaardes vir Herlewing: …verootmoedig/berou toon en bid, en my aangesig soek, en TERUGDRAAI VAN VERKEERDE WEË… (2 Kron. 7:14)**

*Hulle het so nutteloos geword soos 'n slap boog. Hulle leiers sal met die swaard afgemaai word, hulle sal die slagoffers word van die vervloeking wat hulle oor hulleself uitgespreek het (Hos.7:16).* Allerhoogste God, ons bely dat ons foute maak en verkeerde besluite neem, omdat ons U nie raadpleeg nie, of andersins nie tyd neem om te wag op u antwoord nie. O Here, wees ons genadig. Maak ons gehoorsaam aan u stem, sodat ons nie meer soos 'n slap boog sal wees nie, maar fyn ingestel op u stem.

**Stof tot Nadenke…**

Party goed wat mense se aandag van God af weglei: Korter werksure, beter en gemakliker werkstoestande, moderne geriewe, nuut-ontdekte rykdom, Verenigde Nasies en hulle humanitêre hulp aan die armes, sekularisasie, toename in rasionele denke (denke verwyder van goddelike openbaring) en die ontkenning van die outoriteit van die Bybel en die bonatuurlike. Uittreksel: The Ten Greatest Revivals Ever deur Elmer Towns en Douglas Porter.

**Onophoudelike Gebed:**

*Vader God, laat my hart ingestel wees om u stem te hoor.*

## Dag 110

**Voorwaardes vir Herlewing: …verootmoedig/berou toon en bid, en my aangesig soek, en TERUGDRAAI VAN VERKEERDE WEË… (2 Kron. 7:14)**

*Here, U het reddingsdade gedoen, neem tog u toorn en u woede weg van Jerusalem, u stad, u heilige berg… (Dan.9:16).* Here, vandag bring ons Israel en die hele Midde-Ooste na U in gebed. Ons bid vir u genade in die Midde-Ooste. Te midde van die oorloë en

vernietiging in hierdie gebied, raak hierdie mense aan om U te leer ken as hulle enigste God. Bring asseblief u vrede.

**Stof tot Nadenke…**

As God mense oproep tot herlewing en hulle weier om hulself te bekeer, wat kan God dan doen om hulle te laat wakker skrik en die gevaar waarin hulle is, te sien? Hy het geen alternatief nie as om oordeel te stuur nie. Wanneer mense wat in God se lig wandel, herlewing verwerp, is oordeel onafwendbaar. Wanneer hulle die oordeel nederig aanvaar en hulle bekeer, is God altyd gereed om te vergewe en te herstel. Uittreksel: Revival Fire deur Wesley Deuwel.

**Onophoudelike Gebed:**

*Here Jesus Christus, mag Israel U erken as hulle Messias.*

## Dag 111

**Voorwaardes vir Herlewing: …verootmoedig/berou toon en bid, en my aangesig soek, en TERUGDRAAI VAN VERKEERDE WEË… (2 Kron. 7:14)**

*Wanneer jy die goddelose waarsku oor sy optrede om hom daarvan te laat afsien, en hy sien nie daarvan af nie, dan sterf hy deur sy sonde en het jy jou eie lewe behou (Eseg.33:9).* Bron van ons Verlossing, ons vra dat U ons sal vul met u Heilige Gees sodat ons sondaars rondom ons sal waarsku om hulle te bekeer. Gee ons die vrymoedigheid en wysheid om die regte woorde te sê, asook die genade om nie te veroordeel nie. Laat ons die gelowiges en ongelowiges aanmoedig om hulle hele lewe aan U ondergeskik te stel.

**Stof tot Nadenke…**

Die vraag oor wêreldsgesindheid in die kerk is een van dié beslissendste toetse vir die Christelike Kerk van vandag. Uittreksel: Baptise with Fire deur Arthur Skevington Wood.

**Onophoudelike Gebed:**

*Heilige Gees, help ons om vreesloos uitgesproke te wees teenoor sonde sodat ons mense kan waarsku.*

## Dag 112

**Voorwaardes vir Herlewing: …verootmoedig/berou toon en bid, en my aangesig soek, en TERUGDRAAI VAN VERKEERDE WEË… (2 Kron. 7:14)**

*"So seker as Ek leef," sê die Here my God, "Ek wil nie hê die sondaar moet deur sy sonde sterf nie, Ek wil hê hy moet van sy optrede afsien en lewe. Bekeer julle, bekeer julle van julle bose optrede!" (Eseg.33:11).* Almagtige God, ons bely dat U geen foute maak nie, maar getrou en regverdig is in al u weë. Soms sê ons: "Waarom het die Here toegelaat dat sy swanger word?" of "Die Here kon gekeer het dat die man uitgevang word." Ons regverdig ons sondes en blameer U dan vir die gevolge! Wees ons genadig en vergewe ons, want ons weet nie wat ons doen nie. Ons eie dade veroordeel ons. Help ons om ons te bekeer, sodat ons kan lewe!

**Stof tot Nadenke…**

Herlewing loop ten einde wanneer ywer afneem. Dit gebeur wanneer geestelike dissiplines verslap word en twispunte en polemiek hoogty vier. Uittreksel: Baptise with Fire deur Arthur Skevington Wood.

**Onophoudelike Gebed:**

*Vader, vul my hart met deernis vir die wat U nie ken nie.*

**Die Heilige Gees** het baie mense aangeraak met 'n diepe besef van sonde en die behoefte aan belydenis. Dorpenaars kon snags nie slaap nie en het geen vrede gehad totdat hulle vergifnis van God ontvang het nie. Die kerk in Telegu het ooreengekom om elke aand te bid totdat die seën van herlewing deurgebreek het. Vir tien dae lank het hulle gebid. Toe, een aand in die kerk het 'die Gees met krag neergekom' terwyl iemand gebid het. Dr David Downie het die volgende vertel: "Daar was 'n dreuning soos veraf donderweer, en gelyktydig daarmee het angswekkende krete vanuit die hele gemeente weerklink. Party het gesnik, ander het uitgeroep, en almal het hulle sondes voor die Here bely en Hom gesmeek vir genade. Die gebede het tot lank in die nag aangehou." – Indiese Herlewing, 1905.

## Dag 113

**Voorwaardes vir Herlewing: …verootmoedig/berou toon en bid, en my aangesig soek, en TERUGDRAAI VAN VERKEERDE WEË… (2 Kron. 7:14)**

*Bekeer julle, bekeer julle van al julle ootredings, sodat die sonde nie julle val bewerk nie. Laat vaar al julle oortredings en kry 'n nuwe gesindheid, 'n nuwe gees (Eseg.18:30-31).* Rein en heilige God, ons bely dat ons dinge in ons lewens toelaat wat ons in situasies laat beland waar ons in die versoeking kom om te sondig. Ons wissel laat in die nag van kanaal na kanaal op die TV en raak vasgevang in openlike onsedelikheid en pornografie, of ons blaai deur pornografiese tydskrifte in die boekwinkels. Here, bevry ons van situasies wat ons in versoeking kan lei! Gee ons 'n nuwe hart en 'n nuwe gees.

**Stof tot Nadenke…**

Herlewing begin nie met teologie nie, maar met 'n verskyning van God (teofanie). Dit begin wanneer Jesus Christus Homself openbaar, en daar 'n bewustheid kom van die nabyheid van die Meester. Uittreksel: Revival, a people saturated with God deur Brian H. Edwards.

**Onophoudelike Gebed:**

*Here Jesus Christus, u bloed gee ons die krag om sonde te oorwin.*

## Dag 114

**Voorwaardes vir Herlewing: …verootmoedig/berou toon en bid, en my aangesig soek, en TERUGDRAAI VAN VERKEERDE WEË… (2 Kron. 7:14)**

*Ek maak 'n end aan jou hoerery. Jy sal nie weer geskenke uitdeel nie. Eers wanneer Ek my gramskap teen jou laat uitwoed het, my woede op jou gekoel het, sal Ek bedaar en*

*nie meer bitter wees nie (Eseg.16:41,42).* Liefdevolle Vader, ons bely dat ons samelewing vasgevang is in die werklikheid van prostitusie van mans en vroue. Ons verpand ons wil en ons gesonde verstand, deur deel te hê aan, of selfs getuies te wees van dobbelary, dwelmmisbruik, onwettige bedrywe en korrupsie! Wees ons genadig en stop hierdie hoerery in elke faset van ons samelewing. Laat ons daarna strewe om heilig voor U te lewe.

**Stof tot Nadenke…**

Die toneel was onbeskryflik. Het jy al ooit tweehonderd sondaars gesien, wat almal gelyktydig op een plek, weeklaag oor hulle sonde? Totdat jy dit gesien het, het jy nie naastenby 'n begrip van die heilige toneel nie. Elke knie was gebuig by die troon van genade. Ek kan nog steeds daardie vreesaanjaende geluid hoor van honderde mense wat by God pleit vir lewe, vir genade! – Jonathan Edwards.

**Onophoudelike Gebed:**

*Vader God, dankie dat die bloed van Jesus ons met U versoen!.*

## Dag 115

**Voorwaardes vir Herlewing: …verootmoedig/berou toon en bid, en my aangesig soek, en TERUGDRAAI VAN VERKEERDE WEË… (2 Kron. 7:14)**

*Bekeer julle! Laat staan julle afgode! Hou op met al julle afskuwelike dade! (Eseg.14:6).* Jahweh-Tsidkenu (Here, ons Geregtigheid), ons is by tye betrokke by dinge waar ons dit moeilik vind om U in te nooi. Vandag besluit ons om hierdie dinge voor U te bely, sodat dit ons nie meer gevange hou nie. Ons verwerp hierdie afskuwelike dinge wat 'n skande is voor U en wat ons in die geheim doen. Maak ons vry, O Here, sodat ons regverdig voor U kan leef!

**Stof tot Nadenke…**

Die wat die meeste verlang na herlewing moet begin deur hulle eie harte en lewens in die soekllig van 'n heilige God en sy Woord, te ondersoek. Uittreksel: Revival, a people saturated with God deur Brian H. Edwards.

**Onophoudelike Gebed:**

*Vader God, ek verwerp enige praktyk wat U nie behaag nie.*

## Dag 116

**Voorwaardes vir Herlewing: …verootmoedig/berou toon en bid, en my aangesig soek, en TERUGDRAAI VAN VERKEERDE WEË… (2 Kron. 7:14)**

*Maar julle het nie geluister nie, nie gehoor gegee en julle van julle sonde bekeer en opgehou om wierookoffers vir ander gode te bring nie. Daarom het my gramskap en my toorn ontvlam… (Jer.44:5-6).* Regverdige Vader, ons kies vandag om te luister en aandag te gee wanneer u Heilige Gees ons oortuig van sonde. Ons vra om vergifnis omdat baie mense in ons land wierook brand vir ander gode, deelneem aan onheilige meditasie, en hulle verstand en vermoëns daaraan wy om mense deur spiritistiese mediums te verlei.

Gee dat hulle hulle sal bekeer van hulle bose weë, en vir Jesus Christus as enigste Verlosser sal aanneem.

**Stof tot Nadenke…**

Herlewing draal omdat die evangelie goedkoop, onderhandelbaar en gekommersialiseerd gemaak is; weens vrees vir menslike opinies; omdat ons nie desperaat genoeg is nie en omdat ons God se eer steel. Uittreksel: Hoekom herlewing talm deur Leonard Ravenhill.

**Onophoudelike Gebed:**

*Vader, praat en ek sal luister...*

## Dag 117

**Voorwaardes vir Herlewing: …verootmoedig/berou toon en bid, en my aangesig soek, en TERUGDRAAI VAN VERKEERDE WEË… (2 Kron. 7:14)**

*Miskien sal hulle dan by die Here pleit en sal elkeen hom bekeer van sy verkeerde pad… (Jer.36:7).* Immanuel (God by ons), ons bid dat U woord vandag uitgedra sal word oor die radio, TV, in tydskrifte, koerante, ens., en dat mense oortuig sal word van sonde en hulle lewens aan U sal oorgee. Ons bid dat elkeen van ons vinnig sal wees om ons te bekeer en gretig om weg te draai van ons verkeerde weë.

**Stof tot Nadenke…**

Ons moet alleen bid; ons moet saam bid; ons moet in die nag bid en nie ophou bid gedurende die dag nie. Uittreksel: Revival Prayer deur Leonard Ravenhill.

**Onophoudelike Gebed:**

*Here Jesus Christus, my gebed is dat U ons sal red van ons verkeerde weë!*

## Dag 118

**Voorwaardes vir Herlewing: …verootmoedig/berou toon en bid, en my aangesig soek, en TERUGDRAAI VAN VERKEERDE WEË… (2 Kron. 7:14)**

*Elkeen van julle moet hom van sy verkeerde dade bekeer. Julle mag nie agter ander gode aanloop en hulle dien nie. Julle moet goed doen sodat julle kan bly woon in die land wat Ek aan julle en julle voorvaders gegee het (Jer.35:15).* Goeie Meester, vandag vra ons u Heilige Gees om ons te leer hoe om die verkeerde dinge in ons lewens te laat staan en na U terug te keer. Wys ons hoe om die ou denkpatrone en maniere van dinge doen te vervang met gelowige denkpatrone, en om in gehoorsaamheid aan U te lewe.

**Stof tot Nadenke…**

Ons kan verwoed werk, speletjies speel, tale aanleer, organiseer en bou, maar alles sal soos kaf in die wind weggewaai word as ons nie 'ingestel' is op die Heilige Gees nie. Uittreksel: Quest for the Highest deur J.E. Church.

**Onophoudelike Gebed:**

*Vader God, wys my watter dinge in my lewe moet verander.*

## Dag 119

**<u>Voorwaardes vir Herlewing: …verootmoedig/berou toon en bid, en my aangesig soek, en TERUGDRAAI VAN VERKEERDE WEË… (2 Kron. 7:14)</u>**

*Kom na My toe dat julle gered kan word, almal op die aarde, want Ek is God, daar is geen ander nie (Jes.45:22).* Enigste lewende God, ons verklaar dat daar geen ander god as U is nie. Ons vra dat die mense van elke volk en stam en nasie, tot aan die einde van die aarde, na U toe sal kom om gered te word. Laat elke knie buig en elke tong bely dat U die enigste God is.

**<u>Stof tot Nadenke…</u>**

Wanneer God praat is dit nie net vir waarneeming of bespreking nie, maar is bedoel dat ons onmiddellik gehoorsaam moet wees. Uittreksel: Fresh Encounter deur Henry Blackaby en Claude V. King.

**<u>Onophoudelike Gebed:</u>**

*Vader, Seun en Heilige Gees – U is God en daar is geen ander nie!*

## Dag 120

**<u>Voorwaardes vir Herlewing: …verootmoedig/berou toon en bid, en my aangesig soek, en terugdraai van verkeerde weë, DAN SAL EK UIT DIE HEMEL HOOR, HULLE SONDE VERGEWE EN HULLE LAND GENEES.</u>**

**<u>(2 Kron. 7:14)</u>**

*Hy luister na die gebed van dié wat alles verloor het, Hy sal hulle gebed nie verag nie (Ps.102:17).* Skepper van hemel en aarde, ons land gaan gebuk onder jare van armoede, siekte en ellende. Duisende mense het alles verloor en is hulpelose slagoffers van dekades se politieke en sosiale onreg. Ons roep U aan! Breek die kettings van armoede en onreg, en verhoed asseblief dat mense van honger sterf. Betoon U medelye met ons! Hoor ons gebede, en antwoord ons. U alleen is 'n genadige God. Stort weereens u Gees oor hierdie land uit, sodat ons genesing kan ontvang, en u Naam geëer kan word.

**<u>Stof tot Nadenke…</u>**

“Ek het ‘n buitengewone gesig gesien van die heerlikheid van die Seun van God as Middelaar tussen God en mens. Ek het sy wonderlike, groot, volledige, rein en soete genade en liefde, en sy beskeie en sagte vriendelikheid beleef.” – Jonathan Edwards.

**<u>Onophoudelike Gebed:</u>**

*Kom, Here Jesus...*